

An Exposition of the Seven Church Ages

Chapter Four

Die Smirniese Kerktydperk

Openbaring 2:8-11

"En skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Dit sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het:

Ek ken jou werke en verdrukking en armoede—maar jy is ryk—en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan.

Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees van die gemeentes sê: Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade lei nie.

Inleiding

Ten einde julle gedagtes te verfris wil ek weer uitwys hoe ons die name van die boodskappers gekry het na die verskillende eeue. God in Sy soewereine wil het daartoe gesien dat die geskiedenis van die Nuwe Testament kerk nie verlore sou wees nie, selfs soos Hy gesien het dat die geskiedenis van Israel nie verlore sou gaan nie deur dit in die Bybel te sit en dit vandag uit menigte boekrolle bevestig, klei vate en ander kunswerke wat argeoloë ontdek en uitgelê het. Ons het eintlik kommentaar lewering van Bybelgeskiedenis van die eerste bladsy af tot nou.

Dus deur geskiedenis te lees kan ons uitvind watter mans of mense in die verskeie eeue was die naaste aan God se oorspronklike patroon, die Apostel Paulus. Diegene wat God gebruik het om Sy mense terug te bring na die Woord van Waarheid sou diegene wees om na te kyk. Dan uit hulle sou daar een wees vir elke eeu wat die meeste uitstaan as die naaste in Woord patroon en krag. Daardie een sou die boodskapper wees. Die eeue word ook gevind deur 'n studie van die geskiedenis. Mens moet eenvoudig die eeue lees soos gevind in Openbaring en dit pas alles perfek met die geskiedenis soos dit WEL MOET PAS. Aangesien die kerkeeeue voorspel is deur God en hulle einste toestande geopenbaar is, dan deur noodsaaklikheid, die geskiedenis wat sou volg sal wees soos in die Bybel uiteengesit. Dit is so eenvoudig—maar dan is eenvoud die sleutel tot die Woord. Nou met dit alles was ek nie net 'n student en 'n geskiedkundige nie, ek het gepoog om 'n Geestelik-georiënteerde man te wees, en dit was net met die definitiewe goedkeuring van die Gees van God dat ek die mans gekies het wat ek gekies het. Dit is die waarheid en God ken my hart.

Die Boodskapper

Deur ons God gegewe reëls wat die boodskapper van elke eeu kies, verklaar ons ongetwyfeld dat Irénaeus deur die Here verhef is tot daardie posisie. Hy was die dissipel van daardie groot heilige en vegter van geloof, Polycarp. En dit is sonder twyfel soos hy aan die voete van daardie groot man gesit het, het hy die Christen genade geleer wat gevloei het van sy toegewyde lewe, want Polycarp was een van die waarlik beroemde heiliges van alle eeue wat beskou word in die lig van 'n blaamlose lewe.

Julle sal onthou dat Polycarp gemartel is. Te oud om te vlug, en te opreg 'n man om 'n ander toe te laat om hom te verberg en dan die straf te dra daarvoor, het hy homself opgegee vir die dood. Maar voor hy het, het hy gevra en is toestemming gegee om twee ure vir sy broers in die Here te bid, vir die goewerneur, vir sy vyande en die wat hom gevange geneem het. Soos die groot heiliges van alle eeue, en begeerte om 'n beter opstanding, het hy vasgestaan, geweier om die Here te verloën en het gesterf met 'n skoon gewete. Hy is op die brandstapel geplaas (loggemaak op sy eie versoek) en aan die brand gestee. Die vuur het weggebuig van sy liggaam af, geweier om hom te raak. Hy was toe deur 'n swaard deurboor. Terwyl dit gedoen is, het water uitgestroom uit sy sy wat die vlamme doodgemaak het. Sy gees was eintlik gesien waar dit uit sy boesem in die vorm van 'n wit duif gegaan het. Tog vir al die groot getuienis, was hierdie student van Johannes die Openbaarder nie militant teen die Nikolaïetiese stelsel nie, want hy homself het geleun na organisasie, en nie besef dat die begeerte vir broederskap en wat gelyk het soos 'n goeie plan om die werk van God te koester 'n skelmstreek van die vyand was nie.

Met Irénaeus was dit nie so nie. Hy was militant teen enige vorm van organisasie. Ook, sy lewensgeskiedenis, waarin hy die Here gedien het, was een van baie manifestasies in die Heilige Gees; en die Woord is geleer met ongewone duidelikheid en gelykvormigheid tot die oorspronklike voorskrifte.

Sy kerke in Frankryk het bekend gestaan om die gawes van die Gees onder hulle te hê, want die heiliges het in tale gepraat, geprofeteer, die dooies opgewek, en die siekes genees deur die gebed van geloof. Hy het die gevaar gesien van enige soort georganiseerde broederskap onder die ouderlinge, pastore, ens. Hy het blokvas gestaan vir 'n verenigde, Gees-gevulde, gawe-gemanifeseerde plaaslike kerk. En God het hom eer bewys vir die krag van God gemanifesteer onder die heiliges.

Hy was ook duidelik oor sy insig van die Godheid. En aangesien hy die dissipel van Polycarp was, wat weer die dissipel van Johannes was, kan ons verseker weet dat hy so perfekte onderrig soos wat moontlik was gehad het op hierdie onderwerp. In Volume 1, bladsy 412 van die Ante Nicene Fathers het ons hierdie stelling deur hom oor die Godheid. "Al die ander uitdrukkings, soortgelyk, bring die titel van een uit, en dieselfde wese, die Here van Krag, die Here, die Vader van Alles, God Almagtig, Allerhoogste, Skepper, Maker, en soortgelyk, hierdie is nie die name en die titels van agtereenvolgende verskillende wesens nie, maar van een en dieselfde." Hy wys dit duidelik uit dat hierdie slegs titels is soos wat Roos van Saron, Blink en Môrester, Skoonste van Tien Duisend, ens. Ewemin is daar maar EEN God. Sy Naam is Here Jesus Christus.

Dus met sy streng vasklewing aan die Woord, sy wonderlike begrip van Skrif, en die aanwesigheid van die krag van God op daardie bediening, is hy die regte keuse vir die eeu. Dit is algeheel ongelukkig dat die ander eeue nie in hulle boodskappers so 'n balans van vrug, mag, en leierskap in die Heilige Gees en die Woord gehad het nie.

Smirna

Die stad van Smirna was 'n bietjie noord van Efése by die mond van die Smirna Golf. Omdat dit 'n baie goeie hawe was het dit as 'n kommersiële sentrum vir sy uitvoer bekend geword. Dit was ook bekend vir sy skole van welsprekenheid, filosofie, medisyne, wetenskap, en deftige geboue. Baie Jode het daar gelewe, en hulle was bitterlik in teenstand met Christendom, selfs meer as wat die Romeine was. In werklikheid, Polycarp, die eerste biskop in Smirna was gemartel deur die Jode en dit is gesê dat die Jode hulle heilige dag (Saterdag) ontheilig het om die hout te dra wat sy begrafnis brandstapel sou maak.

Die woord Smirna beteken, "bitter," wat gevat is van die woord, mirre. Mirre was gebruik deur die dooies te balsem. So ons het 'n tweevoudige betekenis wat gevind word in die naam van hierdie eeu. Dit was 'n bitter eeu gevul met die dood. Die twee wynstokke in die raamwerk van die kerk het verder uitmekaar gedryf met 'n groter bitterheid teen die ware wynstok tot die voordeel van die vals wynstok. Dood was nie net die saad van die vals wynstok nie maar selfs in die ware wynstok was daar 'n kruipende verlamming en magteloosheid omdat hulle alreeds weggedryf het van die suiwer waarheid van die eerste paar jaar na Pinkster; en geen ware gelowige is enigsinds sterker en geestelik gesond en lewendig as sy kennis van vasklewing aan die ware egte Woord van God nie, soos gesien deur menigte van voorbeelde in die Ou Testament. Organisasie het vinnig gegroei, bevestiging en toeneming van die dood van die lidmaatskap, want Heilige Gees leierskap was weggedoen mee en die Woord vervang deur leerstellings, dogmas en mens gemaakte ritueel.

Toe Israel ingegaan het in onwettige bondgenootskap met die wêreld, en kameraadskap gevorm het deur huwelike, het die dag uiteindelik gekom toe die wêreld oorgeneem is en Babylon het die mense van God gevange geneem. Nou toe hulle in gevangenskap gegaan het het hulle ingegaan vir 'n priesterskap, 'n tempel en die Woord. Maar, toe hulle teruggekome het, het hulle rabbis gehad, 'n teologiese orde van Fariseërs, 'n sinagoge, en die Talmud. En toe Jesus gekom het was hulle so korrup dat Hy hulle genoem het van hulle vader, die duiwel, en dit ten spyte van die feit dat hulle van Abraham was volgens die vlees. In hierdie eeu sien ons dieselfde ding gebeur. Hoewel, omdat 'hele Israel' nie Israel is nie, maar 'n klein groepie was die ware Geestelike Israëliete, so daar sou altyd 'n klein groepie ware Christene wees, die bruid van Christus, totdat Hy kom vir Sy eie.

In hierdie stad was daar twee beroemde tempels. Een was die tempel opgerig tot die aanbidding van Zeus, en die ander was opgerig vir Cybele. En tussen hierdie twee tempels was die mooiste pad gevind van ou geskiedenis, genaamd die Goue Straat. Vir my skets dit 'n verdere inham van heidendom wat alreeds in die eerste eeu begin het, maar was bekend om net te bestaan in Rome. Die samevoeging van die twee tempels van 'n god en godin is die saad van Maria-afgodery waarin Maria die moeder van God genoem is en eer en titels ontvang wat vir haar mag gee dieselfde as Jesus Christus.

Die Goue Straat wat hulle verbind het is 'n prentjie van die gulsigheid wat veroorsaak het dat die Nikolaïetiese organiseerders die staat en kerk verbind het omdat hulle geweet het die rykdom en krag wat dit hulle sou bied. Soos die Efésiese Eeu maar die saadbed was vir die tragiese Pergamese Eeu wat nog in die toekoms was, was hierdie Smirna Eeu die reën, die son, en die voedsel wat die woeste korrupsie verseker het wat die kerk in afgodery gedwing en wat geestelike hoerery is, waarvan sy nooit sou opstaan nie. Dood het haar wortel na tak deurdring en hulle wat in haar geniet het, het geniet met bitterheid en dood. Hierdie eeu het van 170 tot 312 n.C. gestrek.

Die Begroeting

Openbaring 2:8,

Dit sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het:

“Die Eerste en die Laaste, Wat dood was en lewend geword het.” Nou hierdie is nie die woorde van 'n mens nie. 'n Eenvoudige man (kon hy vanaf die graf praat) sou hy sê: “Ek is die eerste en die laaste wat lewend was en dood is.” Die eerste ding wat gebeur met 'n man is dat hy gebore is (is lewendig) en die laaste ding wat gebeur is dat hy sterf. So dit is nie 'n man wat praat nie. Hierdie is Godheid. Man (Adam) het lewe geneem en dit in dood verander. Maar hierdie MAN (Jesus) het dood geneem en dit na lewe verander. Adam het onskuld geneem en dit in skuld verander. Hierdie Een het skuld geneem en dit in geregtigheid verander. Adam het 'n paradys geneem en dit in 'n gemors huilende wildernis verander; maar hierdie Een kom terug om 'n aarde wat wieg en draai met vernietiging in 'n ander Eden te verander. Adam het 'n lewe van kameraadskap en vreugde met God geneem en dit in 'n woestyn van geestelike duisternis verander wat alle sonde voortbring het, morele verval, pyn, lyding, dwaling, en korrupsie wat oorlog maak in die siele van mense. Maar hierdie Een, van al die tragiese dood en agteruitgang wat die mensdom gevul het, het 'n lewe van geregtigheid en skoonheid voortbring, sodat soos sonde eens geheers het tot die dood, selfs so kan 'n man nou heers in geregtigheid deur Een, Christus Jesus; en nie meer soos die oortreding was nie, hoewel verskriklik inderdaad dit was, maar nou soveel meer is Sy gawe tot die ewige lewe.

En hier is Hy, wandel in die midde van hulle wat Hy verlos het, selfs Sy kerk. En wat was hulle wat verlos is? Was baie nie soos Paulus, moordenaars en omkopers nie? Was baie nie soos die sterwende dief, rowers en moordenaars nie? Almal trofees van Sy genade. Almal terugbring uit die dood. Almal LEWENDIG gemaak in Christus Jesus, die Here.

Ek wonder of julle opgelet het die begroeting vir die eerste eeu en dan let op die een tot hierdie eeu. Sit hulle net bymekaar. “Hierdie dinge sê Hy wat die sewe sterre in Sy regterhand hou en wandel in die middel van die kerke. Hierdie dinge sê die Eerste en die Laaste, Wat dood was en lewendig is.” Hierdie is een en dieselfde persoon. En Hy laat ons weet dat die kerk Syne is.

Soos die saad van die vrug in die middel van die vrug is, so is Hy, die Koninklike Saad, in die middel van die kerk. Soos die saad alleen lewe daarin het, so is Hy die outeur van lewe tot die kerk. Sy wandel wys Sy onvermoeide sorg daarvan. Hy is die Hoof Herder wat oor Sy eie waghoe. Dit is Sy reg, want Hy het daardie kerk met Sy eie bloed gekoop. Daardie bloed is die bloed van God. Die Een wat daardie kerk besit is God, einste God. Hy is die 'Eerste en die Laaste.' Daardie titel spel ewigheid. Hy was dood en is lewendig. Hy het die prys betaal so Hy het alleen eienaarskap van die tempel van God. Hy bestuur dit. Hy word daarin aanbid. Hy het 'n afkeer dat iemand Sy heerskappy en outoriteit oorvat. Sonder twyfel die rede hoekom Hy Homself voor elke eeu voorstel as die Godheid is om te waarsku en die mense te vertroos. Hy waarsku die vals wingerdstok, en Hy vertroos die ware wingerdstok. Hierdie is die EEN WARE ALMAGTIGE GOD. Hoor Hom en lewe.

Kondisies Van Die Eeu

Openbaring 2:9,

Ek ken jou werke en verdrukking en armoede- maar jy is ryk- en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan.

Die sleutel tot hierdie eeu is baie duidelik tribulasie. As daar verdrukking was in die eerste eeu, is daar nou 'n intense verdrukking voorspel dwarsdeur die tweede eeu. Daar is geen twyfel dat die volgende woorde van Paulus aan die massa van Christene van toepassing was waar hulle ookal in die wêreld was en in elke eeu.

Hebreërs 10:32-38,

Maar onthou die vorige dae waarin julle, toe julle verlig geword het, 'n groot lydensworsteling deurstaan het,

gedeeltelik omdat julle deur smaad en verdrukkinge 'n skouspel geword het, gedeeltelik omdat julle deelgenote geword het van die wat in so 'n toestand verkeer het.

Want julle het ook saam met my gevoel in my boeie, en julle het die berowing van julle goed met blydschap aanvaar omdat julle geweet het dat julle in juisself 'n beter en blywende besitting in die hemele het.

Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie.

Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte

te verkry.

Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie.

Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehag in hom nie.

Die blote assosiasie van goeiehartige mense met die ware gelowige mag wel die dood bring in ruil vir hulle goeieheid.

Nou die Here God Almagtig sê: "EK WEET." Daar wandel Hy in die midde van Sy mense. Daar is Hy, die Hoof Herder van die kudde. Maar hou Hy die vervolging terug? Stuit Hy die verdrukking? Nee, Hy doen dit nie. Hy sê eenvoudig: "Ek KEN jou verdrukking—ek is glad nie onbewus van jou lyding nie." Wat 'n struikelblok is dit vir soveel mense. Soos Israel wonder hulle of God hulle regtig liefhet. Hoe kan God regverdig wees en liefdevol as Hy staan en kyk hoe Sy mense ly?

Dit is wat hulle in Maleági 1:1-3 gevra het,

Die woord van die Here van Israel deur die diens van Maleági.

Ek het julle liefgehad, sê die Here. Nogtans vra julle: Waarin het U ons liefgehad? Is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek die Here. Tog het Ek Jakob liefgehad,

maar Esau het Ek gehaat en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee.

Julle sien, hulle kon nie God se liefde uitwerk nie. Hulle het gedink liefde beteken geen lyding. Hulle het gedink dat liefde beteken 'n baba met ouersorg. Maar God het gesê dat Sy liefde "elektiewe" liefde was. Die bewys van Sy liefde is ELEKSIE—maak nie saak wat gebeur nie, Sy liefde is waarlik bewys deur die feit dat hulle tot verlossing gekies is, (omdat God jou gekies het tot verlossing deur die heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid). Hy mag jou tot die dood oorgee soos Hy vir Paulus het. Hy mag jou oorgee om te ly soos Hy met Job gedoen het. Dit is Sy voorreg. Hy is soewerein. Maar dit is alles met 'n doel. As Hy nie 'n doel gehad het nie, dan sou Hy die outeur van frustrasie wees en nie vrede nie. Sy doel is dat nadat ons 'n rukkige gely het ons volmaak gemaak sal word, gevestig, versterk en in orde wees. Soos Job gesê het: "Hy sit krag in ons." (Job 23:6b) Jy sien Hy, Homself, het gely. Hy het gehoorsaamheid geleer deur die dinge wat Hy gely het. Hy was werklik volmaak gemaak deur die dinge wat Hy gely het.

Hebreërs 5:8-9,

Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het;

en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword

In eenvoudige taal, die einste karakter van Jesus is vervolmaak deur lyding. En volgens Paulus het Hy Sy kerk 'n mate van lyding gelos sodat hulle, ook, deur hulle geloof in God terwyl hulle ly vir Hom, by 'n plek van volmaaktheid kan kom. Hoekom wou Hy dit hê?

Jakobus 1:2-4,

Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoeking val,

omdat julle weet, dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.

Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kort kom nie.

Hoekom staan Hy by? Die rede is in Romeine 8:17-18,

en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.

Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.

As ons nie ly saam met Hom nie dan kan ons nie saam met Hom regeer nie. Jy moet ly om te heers. Die rede hiervoor is dat karakter eenvoudig nooit gebou kan word sonder lyding nie. Karakter is 'n OORWINNING, nie 'n gawe nie. 'n Mens sonder karakter kan nie regeer nie want krag apart van karakter is Satanisties. Maar krag met karakter is in staat om te heers. En siende dat Hy wil hê dat ons moet selfs Sy troon deel op dieselfde basis as wat Hy oorkom en gaan sit het in Sy Vader se troon, dan moet

ons oorwin om saam met Hom te sit. En die bietjie tydelike swaarkry wat ons nou deurgaans is nie waardig om vergelyk te word nie met die ontsaglike heerlikheid wat in ons geopenbaar sal word wanneer Hy kom. O, watskatte lê daar vir diegene wat gewillig is om in Sy koninkryk in te gaan deur baie beproewings.

Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien,

Dit is wat Petrus gesê het. Is dit vreemd dat God wil hê ons moet 'n Christelike karakter ontwikkel wat deur lyding kom? Nee meneer. En ons het almal beproewinge. Ons word almal getoets en getugtig as seuns. Daar is nie een wat nie deur dit gaan nie. Die kerk wat nie ly nie, en nie beproef word nie, het dit nie—dit is nie van God nie.

Heb. 12:6,

want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie?

Nou hierdie spesiale toestand in Smirna moet vir elke eeu toegepas word. Daar is geen eeu vry van dit nie. Daar is geen ware gelowige vry van dit nie. Dit is van God. Dit is die wil van God. Dit is 'n behoefte. Ons het die Here nodig om ons die waarheid te leer dat ons moet ly en soos Christus wees terwyl ons dit doen. Liefde is lankmoedig en is vriendelik."

Matthéüs 5:11-12,

Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.

Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.

Die donker wolke en storms van die lewe is nie tekens van God se afkeur nie. Ewemin is helder lug en stil waters tekens van Sy liefde en goedkeuring. Sy goedkeuring van enige van ons is net IN DIE GELIEFDE. Sy liefde is selektief wat Hy vir ons gehad het voor die grondlegging van die wêreld. Het Hy ons lief? O ja. Maar hoe sal ons weet? Ons sal weet omdat Hy SO GESÊ het, en gemanifesteer het dat Hy ons wel liefhet want Hy het ons na Homself gebring en ons van Sy Gees gegee, en dit plaas ons as seuns. En hoe sal ek my liefde aan Hom bewys? Deur te glo wat Hy gesê het, en deur myself te gedra met vreugde te midde van die beproewinge wat Hy in Sy wysheid toelaat om te gebeur.

Ek ken jou armoede (maar jy is ryk).

Daar is dit weer. Sien Hom rondstap heen en weer in die midde van Sy Kerk. Soos 'n vader kyk Hy af oor Sy familie. Hy is die Hoof van Sy huishouding. Hy is die voorsiener. Hy is die beskermer. Tog kyk Hy na hulle armoede. O, hoe struikel die ongeletterde gelowige met dit. Hoe kan God dit verdra om te kyk na Sy eie in 'n tyd van nood en dit nie net alles stop — net ingee en alles materieël op hulle uitstort nie?

Hier is waar jy weer moet glo in die liefde, en goedheid en wysheid van God. Dit, ook, is nodig. Onthou Hy het vermaan, "Dink nie aan môre nie, wat julle sal eet of wat julle sal aantrek nie. Julle Vader weet die dinge wat julle nodig het. Hy Wat die lelie kleed en die swaeltjies voer sal veel meer doen vir julle. Hierdie fisiese dinge is nie die ware basiese noodsaaklikhede van julle lewe nie, want 'n mens se lewe bestaan nie uit die dinge wat hy besit nie. Maar soek julle liever eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid en alle materiële noodsaaklikhede sal vir julle bygevoeg word."

Die mense van God is nie materieël ingestel nie. Hulle is Christelik-ingestel. Hulle soek nie die skatte wat onder is nie; hulle soek die na bo. Dit is absoluut waar, die meerderheid van Christene is NIE ryk nie. Hulle is eerder aan die arm kant. Dit was so in Jesus se dag. Dit was waar in Paulus se dag en dit behoort waar te wees vandag. O, dit is nie te waar vandag nie want die Laodicese Eeu is een van groot rykdom waar die kenmerk van geestelikheid 'n oorvloed van aardse goed is. My, hoe ryk is die kerk in goedere. Maar, hoe arm in Gees. "Salig is julle armes, want aan julle sal die koninkryk van God gegee word. Die koninkryk van God is NIE eet en drink nie." Dit is nie materieël nie. Dit is IN ons. 'n Ryk man is ryk in God, nie in wêreldse dinge nie.

"O," roep die Gees: "ek sien julle armoede. Ek sien julle behoefte. Jy het nie baie, indien enigiets, om van te spog nie. Wat jy gehad het, is van jou weggeneem. Jy het blymoedig jou besittings opgegee in ruil vir ewige besittings. Hulle lag vir jou. Jy word verag. Jy het nie materiële bronne om op terug te val nie. Maar jy is ryk ten spyte daarvan. Jou sekuriteit lê in Hom Wie jou skild is en besondere groot beloning. Jou koninkryk moet nog kom. Maar dit sal kom. En dit sal 'n ewigdurende een wees. Ja, ek is bewus van julle beproewinge en moeilikhede. Ek weet hoe moeilik dit is om oor die weg te kom. Maar Ek

sal dit alles onthou wanneer ek terugkeer om julle op te eis as My eie, en dan sal Ek julle beloon.”

Nou dit is niks teen ryk mense nie omdat God 'n ryk man kan red. Sommige van God se kinders is ryk. Maar geld kan so 'n strik wees, nie net vir diegene wat dit het nie maar ook vir diegene wat dit nie het nie. Ver terug in die eerste eeu, het Jakobus uitgeroep na hulle wat vertrou in die welgestelde mense gestel het: “Moenie die geloof van ons Here Jesus Christus sit in mense nie.” Die armes daar het probeer om die ryk mense sag te maak om te probeer om hulp te kry, eerder as om in God te vertrou. “Moet dit nie doen nie,” sê Jakobus. “Moet dit nie doen nie. Geld is nie alles nie. Geld is nie die antwoord nie.” En vandag is dit ook nie die antwoord nie. Ons het meer rykdom as wat ons ooit gehad het en tog minder word verrig Geestelik. Dit is nie met geld wat God werk nie. Hy beweeg deur Sy Gees. En daardie beweging van die Gees kom slegs na 'n lewe wat toegewy is aan die Woord.

Die Sinagoge van Satan

Openbaring 2:9b.

—en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan.

Hier is 'n vers wat jou sal laat dink, nie net omdat dit eienaardig is in die inhoud nie, maar dit word feitlik herhaal in 'n eeu wat amper 'n duisend jaar later is.

Openbaring 2:9

Ek ken jou werke en verdrukking en armoede—maar jy is ryk—en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan.

Om mee te begin, die woord, Jode, beskryf nie die godsdien van die Joodse mense nie. Dit verwys slegs na die mense van Juda en het dieselfde presiese betekenis as wat ek sou sê ek is Iers gebore. Hierdie mense het gesê dat hulle werklik Jode was, ware Jode deur geboorte. Hulle was leuenaars. Hulle was nie Jode deur geboorte nie en hulle was nie Jode deur godsdien nie.

As dit alles waar is, wat was hulle? Hulle was 'n bedriegde mense wat alreeds deel van die kerk was. Hulle het aan die vals wynstok behoort.

Hulle was nie van die ware kerk nie, maar van die vals kerk omdat God gesê het “hulle was die sinagoge van Satan.” Nou die woord sinagoge is nie dieselfde woord wat ons vir kerk gebruik nie. In die Bybel, beteken kerk: “die uitverkorenes”, of die “geroepes”. Die Psalm skrywer het gesê oor hierdie uitverkore mense,

Welgeluksalig is hy wat U UITKIES en LAAT naderkom dat hy kan woon in u voorhove.

Psalm 65:4.

Maar die betekenis van sinagoge is “byeenkoms of vergadering.” Dit kan goed of sleg wees, maar in hierdie geval is dit sleg, want dié is hulle wie se byeenkom nie van God is nie maar vir hulle eieself. Jesaja het van hulle gesê,

As hulle ook die aanval begin—dit is nie uit My nie; wie jou aanval, sal oor jou val. Jesaja 54:15.

En aangesien dié sekerlik teen die ware wynstok was, sal God eendag met hulle deel deur vernietiging.

Nou waarom het ons 'n mense gemeng in die raamwerk van die kerk en wat hulleself Jode noem? Die rede is dit: Aangesien hulle leuenaars was kon hulle enige aanspraak maak wat hulle wou. Hulle kon sê wat hulle wou asof dit 'n feit was en dan daarby hou. En in hierdie geval kon hulle lieg met 'n baie magtige idee in gedagte. Was dit nie so dat die vroeë kerk byna indien nie heeltemal nie bestaan het uit Jode, wat hulle die oorspronklike lidmate gemaak het van Sy liggaam? Die twaalf apostels was Jode, en die latere apostels was óf Jode óf bekeerlinge. So vir mense om te sweer dat hulle Jode is het hulle 'n voordeel en 'n eis van oorsprong gegee. Vertel 'n leuen. Bly daarby. Maak nie saak feit óf geskiedenis nie. Sê dit net en hou aan om dit vir mense te sê en spoedig sal die mense dit ontvang.

Nou het julle iets daar gesnap? Is dit nie dieselfde gees reg in die kerk vandag nie? Is daar nie 'n groep wat daarop aanspraak maak dat hulle die oorspronklike en ware kerk is en dat verlossing net in haar gevind word nie? Maak hulle nie aanspraak dat hulle die sleutels van die koninkryk het wat hulle van Petrus ontvang het nie? Maak hulle nie aanspraak dat Petrus hulle eerste pous was nie, en dat hy in Rome gebly het wanneer daar ABSOLUUT GEEN GESKIEDKUNDIGE FEITE IS VIR DIT NIE? En selfs haar mees geleerde en ingeligte aanhangers glo haar leuens. Satan se sinagoge! En as Satan haar vader is, en hy die vader van leuens is, dan is dit nie vreemd dat hulle in sy sinagoge ook leuenaars is nie.

Oorweeg die gedagte van godslastering. Hierdie van Satan se sinagoge was nie besig om God in hierdie geval te belaster nie (hoewel dit gaan sonder om te sê) maar hulle het die ware kerk belaster. Sekerlik. Soos Kain Abel gevolg en doodgemaak het omdat hy (Kain) van daardie bose een was, en soos die dooie formele Joodse volgeling (Jesus het gesê hulle was van hulle vader, die duiwel) probeer het om die Christene in die eerste paar jaar van die eerste eeu te vernietig, nou probeer hierdie selfde groep (die vals wingerdstok) selfs sterker om die ware gelowige te vernietig in die tweede eeu. Daardie antichris gees is besig om te groei.

Die groep wat hulle weg tog so stadig ingewurm het in die kerk met sy DADE (Nikolaïtisme) vrees nie langer blootstelling nie maar is openlik georganiseerd in 'n groep van sy eie byeenkoms en kom teen die ware kerk in openlike vyandskap.

Nou wanneer ek sê dit was 'n georganiseerde antichris kerk gee ek julle die waarheid van betroubare geskiedenis. Die eerste kerk wat in Rome gestig is (ons sal sy geskiedenis in die Pergameense eeu bespreek) en het alreeds die waarheid van God in 'n leuen verander deur 'n heidense godsdiens met Christelike name en betekenis in te bring. Teen die tweede eeu was dit so heidens (hoewel dit aanspraak gemaak het om die ware kerk te wees) dat Polycarp omtrent 1500 myl gereis het op 'n baie ou ouderdom om met hulle te pleit om terug te draai. Hulle wou dit nie doen nie. Hulle het 'n soliede hiërgie gehad en 'n soliede organisasie, en 'n volledige wegbreek van die Woord. Dit dan, is Satan se sinagoge, vol godslastering, waarin alreeds die sade van die doktriene van Nikolaïtisme was, en wat weldra die werklike sitplek of krag van Satanistiese geloof sou wees. En dit is presies reg want Openbaring 2:9b sê NIE hierdie mense is VAN Satan se sinagoge nie maar dit sê hulle IS SATAN SE SINAGOGE.

Hierdie gees van antichris is nie nuut nie. Hierdie is nie net iets wat in die kerke ingekom het nie. Dit was hier die hele tyd. Om 'n duidelike begrip te kry van hoe dit werk, hoe dit teen God gaan en in die kerk oorneem, kyk na die Ou Testament en sien dit daar. Laat ons hierdie gees ondersoek soos dit gemanifesteer is in Israel soos sy uit Egipte gekom het om die kerk in die woestyn te wees.

Net soos die vroeë kerk begin het onder die suiwer bediening van die Heilige Gees met tekens en wonders en manifestasies soos profesie, tale, en interpretasie, wysheid, kennis en genesing, dus in die dae van Israel toe hulle Egipte verlaat het, was hulle onder die leierskap van die Gees van God gemanifesteer in gawes. God was die leier van die mense. Eintlik was Hy hulle Koning. Hy was 'n Vader-Koning. Hy het gesorg vir Israel soos 'n man sorg vir sy familie. Hy het hulle gevoed, hulle gevegte baklei, hulle moeilikhede uitgesorteer en hulle probleme opgelos. Hy het Hom besig gehou met hulle. Hulle was die enigste nasie vir wie Hy waarlik God was. Maar eendag het hulle begin rondkyk, en hulle het die Filistyne gesien en ander nasies met konings oor hulle. Dit het hulle oë gevang en hulle het besluit dat hulle hulle leierskap behoort te vermenslik, so hulle wou 'n koning hê. Nou God sou die leierskap Homself vermenslik, in die Persoon van die Here Jesus Christus, maar hulle het Hom voorgespring. Satan het die plan van God geken so hy het dit in die harte van die mense gesit om God voor te spring, (die Woord).

Toe hulle Samuel benader het en vir 'n koning gevra het, was Samuel so ontstelt dat sy hart amper gaan staan het. God het Sy nasie gelei deur hierdie toegewyde, Woord-bevestigde profeet en hy het gevoel dat hy verwerp is. Hy het die mense bymekaar geroep en gepleit met hulle om nie weg te draai van die God Wie hulle gedra het soos kinders nie, en hulle voorspoed toegewens en hulle geseën. Maar hulle het aangehou. Hulle het vir Samuel gesê. "Jy was nooit verkeerd in jou leiding nie. Jy was nooit oneerlik in jou finansiële besigheid nie. Jy het jou beste gedoen om ons in lyn te hou met die Woord van die Here. Ons waardeer die wonderwerke, wysheid, voorsiening en beskerming van God. Ons glo daarin. Ons hou daarvan. En bowendien wil ons nie sonder dit wees nie. Dit net dat ons 'n koning wil hê om ons na die oorlog te lei. Nou natuurlik wanneer ons uitgaan na die stryd is dit steeds ons voorneme om die priesters te hê met Juda wat volg, en ons sal die trompette blaas en skree en sing. Ons is nie van plan om enige van dit te stop nie. MAAR ONS WIL 'N KONING HÊ WAT EEN VAN ONS IS OM ONS TE LEI.

En God het vir Samuel gesê. "Kyk, hulle het jou nie verwerp nie, maar hulle het MY verwerp om oor hulle te regeer."

Hoe tragies was dit nie. Min het hulle besef dat toe hulle God gevra het om te wees soos die res van die wêreld het hulle Hom verwerp, want God het Sy mense bestem om anders op te tree as die wêreld. Hulle is nie van die wêreld nie en hulle lyk nie soos die wêreld nie en hulle maak nie soos die wêreld nie. Hulle is gekruisig tot die wêreld en die wêreld is gekruisig tot hulle.

II Korinthiërs: 6:17-18,

"Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;

en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige."

Julle sien die een verskil tussen Israel en die res van die nasies was God. Plaas God aan die een kant en Israel was soos enige ander nasie. Toe Simson sy hare afgesny het was hy soos enige ander man. Plaas die leierskap van die Heilige Gees tersyde en die kerk is NIKS ANDERS NIE AS DIE WERÉLD MET GOD SE NAAM AANGEHEG. Die wêreld en die kerk is almal van dieselfde klont, net soos Jakob en Esau van dieselfde ouers was, maar die Gees van God maak die verskil.

Dit maak nie saak as jy jouself 'n Christen noem nie. Enigeen kan dit doen. Die punt is of jy die Gees van God in jou het, want sonder daardie Gees is jy goddeloos; jy is niks van Hom nie. Amen.

Nie te lank gelede nie het ek 'n dame gevra of sy 'n Christen was. Sy het vir my gesê: "Ek wil jou laat weet, meneer, dat ek elke aand 'n kers brand." Wat in die wêreld het dit daarmee te doen? Ek's 'n Metodis, ek is 'n Baptis, ek is 'n Pinkster. Dit het nie 'n ding daarmee te doen nie. Dit is die Heilige Gees of vergaan.

Wel, daar ver terug in die eerste kerkeu het die mense begin dink en redeneer hoe om op God te verbeter. Die dade van die Nikolaïete het begin om hulleself te wys. Toe het 'n groep gevorm. Hulle het afgedwaal van die patroon van die Woord af. Al wat dit vat is net een woord verander en daardie bietjie suurdeeg maak dat die hele stuk rys. Hy wat in een punt van die wet oortree is skuldig aan alles. Eva het net een woord verander. Dit sal dit doen.

En toe daardie Satan-gekonsentreerde groep gevorm is, het dit begin om die ware gelowiges te haat en te twis, en aangedring daarop dat hulle (die vreemdelinge) die kerk van God was.

Merk hoe organisasie haat broei. Dit vernietig broederskap. Dit maak bitter. Dit is wat mirre beteken. Dit was wat Smirna vol van was. Bitterheid. 'n Wortel van bitterheid besoedel baie. So meer en meer besmetting het ingekom. Elke eeu sou sy littekens voel.

Die Smirneense kerk het ver weggedryf van die oorspronklike. Dit het 'n baster geword. Dit het homself gebaster op dieselfde manier soos Eva het. Julle weet dat 'n baster is wanneer twee soorte meng. Die resultaat is nie meer suiwer soos die oorspronklike nie. Dit is baster. Wel, toe Eva die dier toegelaat het om sy saad met hare te meng het sy 'n skepsel geproduseer genaamd Kain wat nie suiwer mens was nie. Hy was van die GODDELOSE EEN. Merk hoe verskillend hy was van Abel. Merk hoe verskillend hy was van Set. Hy het God gehaat en sou nie die Woord gehoorsaam nie en het die regverdige vervolgd en doodgemaak. Hy het homself bo die Woord van God gestel.

Die kerk, ook, is weg van wat sy oorspronklik was. Sy is 'n baster. Dit is, die kerk in naam is 'n baster. Mense sê: "Ek is 'n Baptis." Dit was nie so in die begin nie. "Ek is Metodis." Dit was nie so in die begin nie. In plaas van die reguit Woord van God, in plaas van die Gees-ervulde manne in die kerk wat deur Gees- gegewe openbaring gelei word, is daar nou leerstellings, en regulasies, en die geleerde gissings van geleerde manne. Geleerdheid het die plek van openbaring ingeneem. Redenasie het geloof vervang. Programme het die spontane verheerliking in die Heilige Gees vervang. Dit was nie so van die begin af nie. Die hele geslag het verander. Dit het 'n baster kerk geword.

Nou dan, wanneer die kerk baster word, sal dit suiwer Christene voortbring? Dit kan nie. Die lewe of saad wat Christene voortbring is nie in hulle nie. Soort bring voort soort. Die Baptiste bring meer Baptiste voort en hulle tree op soos Baptiste. Metodiste bring Metodiste voort en hulle tree op soos Metodiste. Nie een word geken deur die krag van God nie nog kan hulle want dis nie daar nie. Hulle word geken aan hulle seremoniese aanbidding van God en hulle leerstellings en dogmas.

Praat van 'n baster. Ken julle die mees bekende baster in die wêreld? Dit is met ons vir eeue lank. Dit is die muil. Dit is 'n kruising tussen 'n donkie en 'n perd. Hy is 'n snaakse soort dier. Hy kan homself nie reproduseer nie. Hy het geen lewe wat dit kan doen nie. Tog praat van werk. Hy oorskadu die perd of die donkie. Maar kyk na sy geaardheid. Hy is koppig en jy kan hom nooit vertrou nie. Hy is 'n volmaakte prentjie van baster godsdiens. 'n Kruising tussen waarheid en duisternis, want die perd is 'n tipe van die ware gelowige en die donkie 'n prent van die onregverdige een. Meng hulle en jy het 'n steriele, formele godsdiens. Dit het nie die saad van lewe nie. Dit is dood. Dit kan praat van die waarheid, maar dit kan dit nie voortbring nie. Dit het nie God in sy midde nie, tog kom hulle bymekaar en praat van God, terwyl hulle al die tyd sistematies die krag ontken. Hulle sal die Woord ontken in die einste Naam van die Here. En daar is nooit enige hoop vir hulle nie. Besef julle dat geen georganiseerde godsdiens ooit 'n herlewing gehad het nie? Nooit nie! As hulle eers georganiseer het, sterf hulle. Hulle kan nooit terugkom nie. Nee meneer. Ek kan dit vir julle wys in tipe.

In Eksodus 13:13,

Maar elke eersteling van 'n esel moet jy met 'n lam loskoop. En as jy dit nie loskoop nie, moet jy sy nek breek. Maar al die eersgeborenes van mense onder jou seuns moet jy loskoop.

Sien, die esel kan verlos word. Elke miserabele sondaar kan verlos word deur die bloed offer van

Jesus Christus, of deur Christus te verwerp, verwerp hy homself. Maar jy verlos nie die muil nie. Daar is geen verlossing vir hom nie. Daar is geen bloed vir hom nie. Daar kan nie wees nie omdat die muil toevlug soek in die kerk terwyl die esel skuiling soek in die bloed. Die muil het "geen saad" in hom wat lewend gemaak kan word nie, maar die esel het saad.

Wel, net 'n paar weke gelede het ek 'n hoofartikel gelees. Ja, dit was 'n artikel deur 'n ongeredde besigheidsman; nie deur 'n Christen nie. Hy het gesê hy was verbaas oor die kerke. Hy kon hulle nie verstaan nie. Hulle het teologiese skole wat gevul is met professors wat die Woord van God leer net om dit te vernietig. Nou hierdie man kon dit nie begryp nie. Hy was ontsteld daaroor. Hy het gesê dat hy kan verstaan dat die ateïs of "kommunis," of vry denker of iemand dit sal doen. Maar wanneer die kerk self die Woord van God vernietig is dit gelykstaande aan voorbedagte moord. DAAR IS JOU BASTER GELOOF. WORD WAKKER AMERIKA VOOR DIT TE LAAT IS.

Wanneer die kerk weggaan van die Woord af sal dit enigiets glo. Dit is soos Eva. Toe Kain gebore is het sy gesê: "Ek het 'n man van die Here gekry." Nou besef jy dat sy dit regtig bedoel het? Sy het gedink sy het 'n man van die Here gehad. Julle sien, toe sy eers eenmaal mislei is deur die woord van Satan te neem in plaas van die Woord van God toe het sy gedink dat wat ookal sy gesê het, was reg. As sy gesê het sy het 'n man van God, dan het sy 'n man van God. Maar God het wette in Sy heelal gestel. 'n Goeie saad kan net goeie vrugte voortbring en die euwel saad kan slegs euwel vrugte voortbring. Nou elke saad, hoewel verskillend, sal dieselfde grond benut, voedsel, vog, en sonskyn, maar dit sal volgens sy eie soort voortbring. Let op die geskiedenis van die Kain lyn. Let op die geskiedenis van die Set lyn. Net een verskil tussen hulle — die oorspronklike saad. Niks anders nie.

As julle kyk na hierdie stelling van Eva van naderby dan sal julle oplet dat sy meer van 'n begrip gehad het as wat die meeste besef. Sy het nie die seun geassosieer met Satan nie want dit sou hom gelyk gemaak het met God. Net God kon die eier in die skoot van Maria skeep. Satan kon dit nie doen nie. Eva het dit geweet. Satan kan net verdraai. So hy het haar verlei met die verkeerde saad. Dit was die slang se saad wat Kain voortbring het. Dit was Adam se saad wat Abel en Set voortbring het. Daardie sade het presies deur dieselfde proses gegaan, maar die kinders was verskillend want hulle was van verskillende sade.

Sy het geglo dat Kain van God was. Sy het die duiwel se leuen aanvaar as die waarheid van God. Dit is presies wat ons nou het. Kerke het hulleself opgestel as fonteine van waarheid maar die waarheid is nie in hulle nie; tog sweer hulle kinders daarby en sal selfs doodmaak om hulle foute te onderhou.

As julle dink dit is oordrewe, lees die hele II Timótheüs hoofstuk 3 en die eerste vyf verse van die vierde hoofstuk.

II Timótheüs 4:1-5

Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dooie sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk:

verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering;

want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,

en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.

Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis, vervul jou bediening.

Toe die kerk haarself toegelaat het om weg te beweeg van die oorspronklike, soos Adam en Eva, het die dood ingetree.

Daar is geen krag in haar nie. Sy het 'n gruwel geword. Die oomblik wat die kerk na vorm en seremonie beweeg het, en na die priesterdom deur die predikers te organiseer in 'n groep wat besluit het leierskap apart van die Heilige Gees en Sy Woord, daardie einste oomblik het die dood binnegekom en sy het begin siek word, en soos sy siek geword het het sy verander in 'n kraglose groep mense wie se enigste wapen argument was. Sy kon niks in die Gees voortbring nie, want haar hoop was gebou op programme en nie op geloof in Sy Woord nie. Hulle het program gesaai so hulle het program gemaai. Hulle het losbandigheid gesaai so hulle het losbandige kinders geoes.

Bemoei jou met God en jy sal maai presies wat jy ingespuit het. Mens behoort dit van die natuur te leer. Hy het met die natuur geknoei. Hy het sy eie idees in die natuur ingespuit en die molekules verander, ens., en nou maai hy 'n warrelwind. Kyk net hoe hulle die hoender geteel het. Dit is so hoogs

geteel dat dit 'n lêmasjien is wat ditself uitlê. Dit is nie goed vir kos nie en is sag en nie lekker nie. Hulle spuit stowwe in die vleis wat ons eet en as gevolg van dit verander die menslike liggaam so dat vroue nouer word in die heupe en wyer in die skouers en mans net die teenoorgestelde. Nou as jy foeter met die natuur en 'n gedrog kry en dit boemerang, wat sal gebeur as jy die waarheid verander in 'n leuen? Die antwoord is, jy sal 'n antichris teel, goddelose sisteem van godsdiens wat so verdraai is dit sal nie lyk of voortbring wat die oorspronklike gedoen het nie. Die enigste antwoord wat God het vir 'n situasie soos daardie is die meer van vuur.

Daardie arme Smirnese Eeu was sterwend. Toe dit gesterf het, het dit nooit teruggekome nie. Geen eeu kom ooit terug nie. Geen herlewing kom ooit terug nie. Dit kan nie die lewe van God daarin hê deur natuurlike generasie nie. Dit vat 'n regenerasie van bo. Hierdie laaste eeu het begin met die vure van 'n Pinkster herlewing en hulle het dit reguit terug georganiseer. In plaas van die Woord te neem het hulle hulle eie idees geneem en gedoen net wat elke eeu gedoen het—die handboek vervang het vir die Woord. Tree jy net uit daardie handboek en sien wat gebeur. Jy is uit, broer. En hulle sal jou vervolg en dit op God blameer. En hoe lief het hulle hul organisasie. Geen wonder nie. Hulle is tweede geslag Pinksters en aangesien God nie enige kleinkinders het nie dan is hulle net kinders van hulle vaders, bekend deur hulle leerstellings en vorm van aanbidding. Hulle kan praat van wat was, maar hulle kan dit nie voortbring nie. Op 'n tyd het hulle die weerlig gehad maar al wat oorbly is die donder.

Maar laat hulle met jou praat oor die heerlikheid van hulle beweging. Hulle sal sê: "Ja, meneer, ek wil hê jy moet weet dat dit 'n beweging is wat geen mens begin het nie. Dit het spontaan gekom. Die Gees het oraloor die wêreld geval. Ja meneer, ons het wat hulle by Pinkster gehad het. Dit was nie van mense nie maar van God." **NOU WAAROM HET HULLE DIT NIE SO GEHOU NIE? AS GOD DIT BEGIN HET HOEKOM KON GOD DIT NIE HOU EN DIT KLAARMAAK NIE?** As God nie 'n handboek geskryf het van leerstellings en formules en dogmas om mee te begin nie, dan watse reg het hulle dan om dit te doen?

God het Sy Gees uitgestort op Baptiste, Metodiste, Nasaréners, Adventiste, Presbiteriane, Broers, Kerk van God (verskeie so genaamd) ens. Al hierdie broers is op verskillende leerstellings grootgemaak, verordeninge, kerk handboeke ens. God het dit alles eenkant toe gegee; Hy het hulle sielkundiges teorieë vernietig en die gawes van die Gees herstel, wat bewys dat Hy is dieselfde gister en vandag en tot in ewigheid. Maar het daardie Pinkstermense hulle les geleer oor organisasies? Nee meneer. Hulle het reg terug georganiseer en het hulle eie teksboeke geskryf, verordeninge en kerkboeke, broederskap boek, ens. met een idee in gedagte, wat moet bewys dat hulle nou al die waarheid het, ken al die antwoorde, en is daarom, die aristokrasie van God wat die weg ken en dit aan andere kan wys as God se aangestelde raadgevers. Maar hulle het dit nie. Hulle het hulleself verbaster soos die eerste groepe waaruit hulle gekom het. As hulle in die bruid wil wees sal hulle moet uitkom presies soos hulle voorvaders het.

Hulle is soos die res. Die herlewing is verby. Hulle probeer 'n naam lewe en is dood. Hulle het organisasie gevat, terwyl hulle die hele tyd van die Gees van God gepraat het. Hulle praat oor die bewys van die Heilige Gees. Maar hulle vergeet dat die duivel ook in tale kan praat. Die uiterste verwarring van Babel is in hulle midde en hulle noem dit die Gees van God. Weereens sien ons mens wat God vertel, in plaas van God wat mens vertel.

Nou julle wens mag wees om my nou te skel vir wat ek gesê het. Goed. Hulle noem hulleself Pinkster en Volle Evangelie. Laat hulle dit bewys. By Pinkster het die vuur in 'n wolk gekom en het verdeel oor elkeen van hulle soos 'n tong, en het op elkeen geval. Waar is die vuur? Hulle het in tale gespreek by Pinkster en die mense wat geluister het het verstaan. Waar is dit? Die hele menigte van gelowiges het opgetree soos een familie. Pinksters is so erg verdeel soos enige groep in die geskiedenis. Geen man durf homself verbind tot die vroeë kerk nie maar net God voeg by. Hulle het net soveel bokke onder hulle soos enige. Hulle maak aanspraak om volle Evangelie te wees maar hulle kan dit nie bewys nie. Hulle kerke is so leeg van krag soos enige van hulle. As hulle dan volle Evangelie is dan moet ons erken die Bybel het 'n fout gemaak wanneer dit die volle Evangelie mans met Pinkster beskryf. Hulle sing: "Daar is 'n groot verandering in my." Hulle is reg. Maar die verandering is nie ten goede nie.

Dit is tyd om terug te keer na God. Hulle het 'n naam wat hulle lewe maar is dood. Tale is nie die bewys van herlewing nie. Dit is die bewys van dood. Tale verkondig die bewyse dat die seremoniese godsdiens van die Jode verby was, dat 'n nuwe era begin het. Tale vandag bring die gordyn af op die Heidense kerkeue en die Evangelie gaan terug na die Jode. Mense praat van tale as 'n voorloper vir 'n groot Geestelike beweging. Hulle het die boot gemis. Die waarheid is dat dit die einde van al die mense se idees skryf, programme en koninkryke, en die koninkryk van God word ingelei. Word wakker mense van God. Word wakker.

As jy nie dink hierdie is waar nie, luister net hierna. Regoor die wêreld in beide Pinkster en fundamentele groepe organiseer hulle die sakemanne. Hulle het die preekstoele ingeneem sonder 'n roep van God. Hulle het hulleself betitel die vissers van mense en die stigters van 'n beweging van God, en hulle sê die begaafde bediening van Efésiërs 4:10-13 wat God die kerk gegee het, het gefaal, so hulle

neem oor. Hier is ons reg in die midde van die vervulling van profesie, genaamd die wins gesegdes van Korag, en hulle weet nie eens dat hulle dit vervul het nie. Hulle preek blindelings ondervinding as waarheid. Mag God hulle jammer kry. Mag hulle oë geopen word voor dit te laat is. O, luister na my. Wanneer het die aansien van geld, sosiale leierskap, sakemense, of pure sielkundige krag ooit 'n mens gekwalifiseer vir geestelike leierskap, of enige krag gegee aan die Woord van God? En wanneer op enige manier stoflike dinge of menslike waardes begin wys as die wyse waardeur God werk in plaas van die Heilige Gees ALLEEN, dan stry ons teen God, nie vir Hom nie.

Nou ek wil dit net hier op rekord hê. Ek praat nie teen ouderlinge in die kerk nie. Nee meneer. En daardie ouderling kan so arm wees as wat enige mens ooit arm was, of die rykste man in die wêreld solank hy 'n ouderling van hart en daad is. Ek sou nie aarsel om enige mens te ordeneer wat die ware Geestelike kwalifikasies het as 'n ouderling of diaken nie ongeag van sy finansies of sosiale posisie. Maar wanneer julle 'n sosiale of finansiële struktuur in die kerk sien inkom wat die mense op enige manier verdeel — dit is nie van God nie. Dit is 'n ander teken van die tyd in hierdie fisiese ryk, maar Geestelik arm Laodicense Eeu waarin ons nou lewe.

“Ek ken jou armoede.” Het julle opgelet dat hulle armoede is gekoppel met die sinagoge van Satan in daardie selfde vers? Ja, dit is die ryk magtige organisasie wat die rykdom het en wat altyd die klein mense uitstoot wat God dien. Wanneer die Gees van God in die harte van mense beweeg, wie is dit wat die geboue en eiendom verlaat? Die klein kudde verloor altyd teen die groot organisasie. En waar gaan die mense dan heen? Hulle aanbid in huise, ou winkeltjies, en kelders, net soos toe hulle na die grafkelders gegaan het.

Hierdie mense was arm in hierdie wêreld se goedere. Sekerlik. Maar hulle was ryk in Gees.

“Ek ken hulle godslastering.” Nou dit is nie die gedagte hier dat hierdie leuenaars God laster nie, hoewel dit gaan sonder om te sê. Maar hulle laster die ware kerk. Dit is dus altyd so. Die Jode van Jerusalem het die kerk aan die begin gelaster. Die Heiden afgodedienswaarders het soortgelyk gedoen. As daar oor enigiemand sleggepraat gaan word, sal dit altyd die ware saad wees. In Nero se dag was die Christene geblameer vir elke onheil — selfs vir die brand van Rome. In kommunistiese lande word die klein kudde altyd eerste van ontslae geraak hoewel hulle minimaal in grootte is. Hoewel die Christene goeie lojale mense is, wat net goed doen, sal hulle altyd vervolgd word tot die einde sodat hulle fisies vernietig kan word.

Die rede hoekom dit so is, is omdat hulle 'n teregwysing is vir die goddelose. Soos 'n seer duim staan hulle uit voor die bouse. En hoewel die regverdiges geen kwaad beplan vir die bouse nie behalwe net om goed te doen, word hulle altyd betrek soos dit was met Johannes die Doper met Herodus. Want Johannes wou nie skade doen aan Herodus óf sy vrou nie maar wou hulle van die toorn van God spaar. Dit was nie net heeltemal misverstaan en absoluut weerstaan nie, maar Johannes is doodgemaak as gevolg daarvan. En vir al die goed wat die mense van God doen, word hulle steeds in die openbaar in die skande gestee en doodgemaak. Sekerlik is daar een of ander oneerlike krag agter 'n mense wat so leeg van gewete is dat hulle kwaad bring op hulle wat goed doen. Ja, daar is so 'n krag. Dit is Satan. Die antwoord is in die volgende vers.

Tien Jaar Van Verdrukking

Openbaring 2:10

Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.

Elke keer wat die Here daardie woorde gebruik: “Vrees nie,” dan is daar 'n verpligting op hande wat groot gevaar en lyding en swaarkry noodsaak. Nou Hy sê nie in 'n stomp, kortaf manier nie, “Verdrukking gaan kom.” Dit sou een bang maak. Maar soos 'n moeder wat op die punt is om die lig af te sit sê rustig vir haar kind om nie bang te wees nie, “Nou moenie bang wees nie, want die lig sal afgaan en dit sal donker wees. Maar onthou dat ek hier is by jou.” So Hy sê: “Moenie bang wees vir die mens of wat hy aan jou kan doen nie. Ek is met julle, en My genade is genoeg vir julle. Wanneer jy deur die waters gaan, sal dit nie oor jou gaan nie. Nie eens in die dood is jy verslaan nie. Julle is meer as oorwinnaars.”

Die beroemde apostel, Paulus, het deur ondervinding die werklikheid van daardie woorde geken en hy het in Romeine 8:35-59 geskryf,

Wie sal ons skei van die liefde van Christus—verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?

Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape.

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.

Want Ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge

of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here is nie.

Nee, ons moenie vrees nie. Sy liefde werp alle vrees uit.

Nou let op wat Hy sê: "die duiwel sal sommige van julle in die tronk werp sodat julle getoets mag word." Die Jode het dit net toe gedoen. Die heidense priesters het dit net toe gedoen. Die goewerneys wat guns probeer wen het met die publiek omdat die mense van die arena gehou het, het die Christene by die duisende in die arena gegooi na hulle dood, en het hulle vernietig deur leeus en vegters. Wat het die duiwel daarmee te doen gehad? Waarom hom blameer? O, ja, maar dit is die duiwel se haat daaragter. Hy is agter dit alles want hy haat God. Wat God Sy hart op gesit het, is Satan beslis daarop uit om te probeer vernietig. Maar kyk. Hier is bietjie lig. As Satan agter die Jode is wat die Christene hof toe vat, dan is die Jode nie van God se godsdiens nie maar die duiwel sin. Hulle byeenkomste is ook van die sinagoge van Satan. En as die Rooms Katolieke Kerk die menigtes van gelowiges doodgemaak het in die Donker Eeue, ja en in al die eeue, dan is hulle van die duiwel en behoort aan Satan, ook.

En as julle dink dit is skokkend, wag net tot die profesie van Openbaring 13 vervul is. Dit is verbasend waar dat die Verenigde State van Amerika in daardie hoofstuk is. Die einste getal dertien is 'n simbool van hierdie nasie. Dit het begin met dertien kolonies. Sy vlag het dertien sterre en dertien strepe. En daar is haar lot in die dertiende hoofstuk. In hierdie beeld wat in hierdie hoofstuk genoem word sal al die boosheid van die dier gevind word wat voor dit was. Soos die dier by die Niceense Raad opgekom het, so sal die beeld uit die Wêreldraad van Kerke kom met alle goddelose en Satanistiese krag om uiting te gee aan die toorn van die duiwel op die ware wynstok van God. Dit sal 'n herhalende aanbidding wees van alle demoniese geslepe en wreedaardighede.

Dié wat die nederige van God beveg en bespot en vernietig — laat hulle dit doen. En dit doen dit sal hulle. En alles in die Naam van God en godsdiens. Maar hulle lieg. Hulle is nie van God nie. Hulle is van hulle vader, die duiwel. Hulle, deur hulle werke teen ENIGE mense, wys hulleself vir wat hulle is. Laat hulle organiseer en die klein kudde verwerp. Hulle sal verder openbaar aan almal dat hulle van die duiwel is. Hulle is die vals wingerdstok — die wynstok wat moor. Hulle haat wys wie hulle is. Die Nikolaïtiese antichris kerk is wie hulle is.

"Hulle sal in die tronk gewerp word." Ja, hulle daag jou uit in die hof en word vals beskuldig en verhoor en opgesluit. En natuurlik word dit alles in die naam van godsdiens en ordentlike beledigende onskuld gedoen. Alles gedoen vir 'n goeie saak. Dit laat my dink aan die Hooggeregshof se beslissing oor gebed en Bybel lees in die skole. Wie is daaragter? Satan is. Dit is net nog 'n kwaad uitbarsting teen God.

"Jy sal verdrukking hê tien dae." Hier is 'n profesie. En daarmee saam 'n middel om die lewenstydperk van die Smirna Eeue te bepaal. Diocletian, die wreedste van alle keisers, het 'n skrikbewind revolusie veldtog teen die heiliges van God ingebring, dat as dit nie was vir die genade van God nie sou hy alle gelowiges uitgewis het. Dit was die bloedigste in die geskiedenis en het tien jaar geduur (die tien dae van Openbaring 2:10b) van 302 tot 312.

"Wees getrou tot die dood toe." Hy sê nie wees getrou tot die dood nie, maar aan die dood. Jy mag dalk jou getuieis verseël met jou bloed. Duisende, ja miljoene, het gesterf gedurende al die eeue. Hulle het in die geloof gesterf. Soos Antipas, die getroue martelaar, hulle het nie omgee of hulle dood of lewend was nie. Dikwels dink ons dat dit amper onmoontlik sou wees om 'n martelaar te wees. Maar dink net terug die geloof wat ons daagliks gebruik om in Christus Jesus te triomfeer is dieselfde geloof wat die Polycarps en al die martelare gehou het. Die uiterste geloof sal die uiterste genade vir die uiterste uur gee. Geseënd is God vir ewig!

"en Ek sal jou die kroon van die lewe gee." Siende dat nie eens 'n koppie koue water wat gegee word in die Naam van die Here sal faal om 'n beloning te ontvang nie, hoe groot sal die beloning vir hom wees wat sy lewe as 'n martelaar gee vir die Naam van die Here Jesus. Miskien kan ons 'n geringe idee kry as ons hierdie kroon vergelyk met die kroon wat gewen word in 'n wedloop.

In I Korinthiërs 9:24, sê Paulus,

Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop so dat julle dit sekerlik kan behaal.

'n Kroon wat aan die wenner van die Olimpiese wedren gegee word was 'n blomkrans van olyfboom takkies. Maar die kroon waarvan hier in die Openbaring gepraat word, aan 'n martelaar gegee, is die

kroon van koninklikes. Jesus noem dit die kroon van lewe. Die een kroon is vir hulle wat gestrewe het; die ander is vir hulle wat gegee het. Beide krone is onverganklik. Hulle sal nie vergaan nie. Die wenners van die wêreldse resies van lewe sal gou die vreugde van die toejuiging van die wêreld verloor. Hulle roem sal faal. Maar diegene wat hulle lewens vir God gegee het, óf deur daaglikse strewe óf om hulle bloed te stort as die bekroonde opoffering van hulle lewe sal die kroon van die lewe gegee word.

Te min tyd word gespandeer aan die werk vir die ewige vergoeding van God. Die beloning van God is te ligtelik geag. As ons glo in die werklikheid van die opstanding van die liggaam, en 'n ewige koninkryk van sinvolheid, dan behoort ons in die hemel goeie skatte op te bou wat beskikbaar is aan die getroue heiliges.

Die Beloning Vir Oorwinning

Openbaring 2:11,

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.

Nou, weereens praat die Gees met al die eeue. Hierdie boodskap is om ons vandag te vertroos soos dit ons broers getroos het deur al die ander eeue. En Hy sê vir ons dat die tweede dood ons nie sal seermaak nie.

Ons almal weet dat die tweede dood is die meer van vuur.

Openbaring 20:14,

En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.

Natuurlik beteken dit almal wat daarin was, word in die meer van vuur gewerp. Nou dan, ek wil iets hier vir julle uitbring. Dit sal ongetwyfeld mense laat opmerkings maak oor my buitengewone doktriene.

Maar, ek staan hier op die gesag van die Woord van God en ontken dat die ongelowige na 'n ewige hel gaan en daar vir ewig brand. In die eerste plek, hel, of die meer van vuur, of wat jy dit ook al wil noem is nie ewig nie. Hoe kan dit wees as dit 'n begin gehad het? In Mattheüs 25:41, sê dit dat: *ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele*. Nou as dit voorberei was, dan was dit nie sonder 'n begin nie. As dit 'n begin gehad het dan kan dit nie ewig wees nie. Natuurlik kan julle oor die idee van die woord 'ewigdurend' struikel. Maar daardie woord beteken "van die eeue tot die eeue" en het verskillende betekenisse daaraan geheg. In 1 Samuel 3:13-14, God het vir Samuel gesê dat Hy die huis van Eli vir ewig gaan oordeel, en dat hulle nie meer offerhandes sou offer "vir altyd" as sy priesters nie. En in II Konings 2:27, Salomo het die laaste afstammeling van Eli uitgegooi uit die priesterdom. Dit was vier geslagte of so later. Nou kan julle sien dat "ewigdurend" nie vergelyk met wat "ewig" is nie, of dit wat geen begin of einde gehad het nie. Hier in hierdie geval beteken die woord ewigdurend "tot die punt wat dit verdwyn." Dit is wat gebeur het. Hulle het verdwyn.

Kyk na die woord: "vernietiging" daar in II Thessalonicense 1:9,

"Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf."

In die Grieks: "verderf" beteken vernietiging. En die woord "verwoesting", beteken NIE vernietigend nie. Nou "vernietig" beteken iets wat aangaan en aangaan en verrot. So wat kan ewigdurende vernietiging beteken? Dit beteken nie om aan te hou vernietig nie, anders sou dit die woord "vernietigend" wees, in plaas van "verwoesting". Dit beteken om te vernietig tot die eindpunt. Eindig dit.

Julle mag nou wonder, wanneer jy daardie woord kan gebruik: "ewig", en dit nie gebruik soos ons geleer is nie. Dit is maklik. Wanneer dit betrekking het tot God beteken dit om sonder begin of einde te wees, en altyd voortdurend en nooit ophou nie. En wanneer jy praat van die ewige lewe het jy dit in gedagte wat die lewe van God is. "Dit is die rekord, dat God ons die ewige lewe gegee het, en daardie lewe is in die Seun. Hy wat die Seun het, het lewe." Nou dan, net seuns van God het ewige lewe, die soort wat nooit 'n begin gehad het nie, maar altyd was. Dit is reg. Jy het nou iets in jou wat ewig is—sonder begin of einde. Dit is die Gees van God. Dit is 'n deel van God Homself. Dit is die lewe van God.

Nou as 'n sondaar hel toe gaan en dan dieselfde ly as jy wat Hemel toe gaan en die hemel geniet, dan het hy dieselfde soort lewe wat jy alreeds het.

Wel, dan kan daar diegene wees wat sê die ewige lewe dui aan die welstand van die kinders van God. Dit is hulle welstand en genot wat op die spel is. Aan die ander kant gaan die sondaar na sy straf, sodat ons die tweede dood kan verminder na 'n saak van straf en plek. Ewige lewe beteken hemel, en ewige straf beteken die hel. Julle sal verbaas wees oor die mans wat verhef is as teoloë wat dit geglo het. Maar weet julle wat dit doen? Dit maak die ewige lewe 'n saak van aardrykskunde in plaas van 'n Persoon. Ewige lewe is God, — die Here Jesus Christus. Hoe enigeen so 'n ding kan glo, dat ewige lewe 'n

plek is, is meer as wat ek weet. Dit laat my steier om daaraan te dink.

Nee meneer. Daar is net een soort van ewige lewe. God het dit. As ons God het, het ons ewige lewe in en deur Hom.

So jy sien, daardie woord ewig, of ewigdurend, kan op verskillende maniere aangewend word, maar wanneer dit betrekking het tot God, Hy wat is wat Hy is, het dit net een betekenis. Dit is die duur van God. Jy kan dit nie so toepas op enige ander ding nie. God alleen is ewig, en omdat Hy lewe, leef ons saam met Hom.

Nou moenie dat enigiemand sê dat ek nie in 'n meer van vuur en in straf glo nie. Ek doen. Ek weet nie hoe lank dit sal duur nie, maar dit sal op die ou end verwyder word. In Openbaring 21:8, sê dit dat daardie sondaars wat genoem word hulle deel sal hê in die meer van vuur. Maar die ware interpretasie van die woord is nie "deel" nie maar dit is "tyd." Kyk, daar het julle dit.

So die bese sal in die hel gewerp word (Onderwêreld of die graf) en hel in die meer van vuur. Skeiding van God. Wat 'n verskriklike ding sal dit wees.

Maar met die regverdiges dit sal nie so wees nie. Hulle hoef nie te vrees nie. Hulle is deur God verlos. Hulle is in Sy boesem. Hulle is die oorwinnaars. En wie is hy wat oorwin? Hy wat glo dat Jesus die Christus is.

Hoekom sal hierdie oorwinnaar, hierdie gelowige ontsnap, en gaan in realisme van die ewige lewe en saligheid? Omdat Jesus 'n prys betaal het om ons van sonde te bevry. Hy het die gaping van skeiding vervul, en ons wat ver was is nou naby deur die bloed.

En hulle sal nooit in veroordeel kom nie. Hulle sal nooit in daardie meer van vuur wees nie. Hulle kan nooit verlore gaan nie want Hy sal nie een van hulle verloor nie. Nie een van die wat verlos is sal êrens wees behalwe waar Jesus is nie.

Weet julle waarom dit is? Ek sal dit vir julle illustreer. Ek het 'n seuntjie, Joseph. Hy is 'n deel van my, maak nie saak wat gebeur nie. As ek 'n ryk man was, die ergste wat ek kon doen is om hom te onterf, maar daar is niks wat ek ooit kan doen om hom te ontken nie. Ek kan nie omdat hy 'n deel van my is. Hier, laat ons 'n bloedtoets doen. Laat ons sy bloed vergelyk met myne. Dit sal bewys dat Joseph is my seun. Hy is myne.

Dit is die bloedtoets wat wys of jy aan God behoort of nie.

Ek kan nie help om te dink aan die tyd toe ek perd gery het saam met volbloed Herefords buite in Colorado nie. Ons moes altyd daardie beeste inbring vir regering-inspeksies as ons hulle wou laat wei op die regering areas. Maar hulle sou nie een enkele dier toelaat as dit nie die bloedlissie op die oor het nie. Die lissie het gewys dat dit volbloed was. Die boswagters wat hulle deurgekyk het het nie eens na die brandmerk gekyk nie. Hulle het net gekyk na die lissie om te sien dat die bloed die regte bloed was. Halleluja. As dit die regte bloed is, dan moet dit reg wees.

Julle weet God het afgekyk en verklaar: "Die siel wat sondig, dit sal sterf. Dit is geskei van My. Dit kan My nie benader nie." Ons weet dat almal gesondig het en kort geval het van die glorie van God. Dit het beteken dat almal gesterf het, almal was geskei, en eendag sal 'n tyd kom wanneer selfs daardie bietjie lewe uitgesnuif word en dit sal alles verby wees. Maar God in liefde, het 'n dier geneem en sy lewe geneem in die plek van die sondaar se lewe.

In die Ou Testament het die sondaar 'n lam gebring. Hy het sy hand op die lam geplaas terwyl die priester die lam se keel gesny het. Hy het die bloed gevoel en die blêr gehoor. Hy het die liggaam voel styf word in dood. Hy het die rook van die gespreinkelde bloed sien opgaan na God. Hy het geweet dat die lam sy plek gevat het. Hy het geweet dat die lam se lewe opgeoffer is vir syne. Maar die lewe van daardie lam was dier lewe en dit kon nie terugkom op die sondaar om hom skoon te maak nie. So hy het gegaan met dieselfde begeerte vir sonde. Hy sou gaan met sonde in sy gemoed, en sal terugkom en 'n offerhande maak vir dieselfde ding 'n jaar later.

Maar in die Nuwe Testament is dit nie so nie. Ons sterwende Lam is die Seun van God Wat Sy bloed gegee het as losprys vir baie. Deur geloof loop ons op en plaas ons hande op daardie Lam — ons sien Hom met die bloederige wonde, die geskeurde rug, die wrede dorings wat Sy voorkop skeur — ons voel Sy pyn en hoor Hom roep: "My God, My God, waarom het U My verlaat?" En wat het gebeur? Die lewe wat uit daardie gebroke bloedsel gekom het het teruggekeer na die bekeerde een. Die lewe wat in Hom was het teruggekom op ons. Ons keer terug met geen begeerte om te sondig nie, en ons besit nou 'n haat vir die werke en begeertes van die vlees.

Kyk na ons. Wat is ons lewe? Net een klein sel wat van ons vader gekom het. Die vrou het nie die hemoglobien nie. Sy produseer die eier; sy is die broeikas. Maar die bloed kom van die man. Dit is

waarom die vrou die man se naam neem. Die kinders vat sy naam. Die moeder is die broeikas vir die kinders wat sy hom baar.

Dit is wat gebeur het vir ons verlossing. Die Heilige Gees het op Maria gekom en sy het 'n Seun gebaar en Hom genoem, Jesus. Die groot Skepper het neergedaal en het 'n offerhande geword vir ons sonde. Sy bloed was die bloed van God. Dit is presies wat dit was. Daardie bloed van God is vergiet en die Gees het Hom verlaat soos Hy in foltering gesterf het. Dan het DIESELFDE LEWE (GEES) teruggekome om te woon binne-in die bekeerde sondaar en hom vrygestel. Daardie sondaar het nie jaar na jaar teruggekome, offerhande na offerhande, want daar was geen nodigheid nie. Deur EEN offerande, vir eens en vir altyd vrygemaak van die heerskappy van sonde, en het die lewe van Christus ontvang waardeur hy regeer in oorwinning oor sonde, die wêreld, die vlees en die duiwel.

God het dit gedoen. Hy het dit alles gedoen. Hy het uitgeroep na die wêreld vervloek in sonde: "Ek sal julle 'n teken gee. 'n Maagd sal verwagte wees. 'n Maagd sal swanger word en 'n Seun baar. Dit sal julle teken wees. Dit sal 'n ewigduende teken wees. Wat sy sal voortbring sal wees Emmanuel, God met ons."

God het neergedaal in 'n bloedsel, nie deur 'n man nie, maar deur die Heilige Gees, en in daardie maagdelike skoot was gebou 'n tabernakel vir die doel van dood. Die Saad van die vrou het gekome in orde dat Hy gekneus word om ons ons verlossing te bring. Toe die Heilige Gees op Maria gedaal het, het Hy in haar skoot die sel geskep wat sou vermeerder en die liggaam van ons Here word. Daardie sel is geskep. Dit was die Begin van die Skepping van God. Dit is Wie Jesus is. En daardie Heilige Een was gevul met Heilige bloed, selfs die bloed van God. Daardie tabernakel het tot geboorte gekome. Hy het gegroei en 'n man geword. Hy het na die Jordaan gegaan en daar was die Offer gewas deur Johannes in die rivier genaamd die Jordaan. Toe daardie Aanvaarde Offerhande uit die water opgestaan het, het God gekome en binne-in Hom gewoon, Hom gevul met die Gees sonder maat. En toe Hy gesterf en Sy bloed gestort het, was die volmaakte lewe van God verlos om terug te kom op die sondaar wat die Christus as sy Verlosser sou aanvaar.

O, hoe treffend is dit. Jehova, gebore oor 'n mishoop. Jehova gebore in 'n krip van strooi. Daar is jou ewigduende teken aan die trotse en opgeblase, vals-intellektuele wat hulle eie teologie ontwikkel en die waarheid van God ontken. Jehova God, 'n huilende baba in 'n stink stal. Dan dink ons ons het 'n reg om trots te wees, hou ons neuse omhoog, kritiseer en tree op asof ons iemand is. Hier is jou ware teken. Hierdie is die regte een. Jehova, wat speel as 'n seun. Jehova wat in 'n skrynwerkerswinkel werk. Jehova was die voete was van vissermanne.

"Ek sal julle 'n teken gee," het God gesê. "Nie die teken van 'n wit kraag priesterskap nie. Nie die teken van rykdom en krag nie. Daar is niks in hierdie teken wat jy wil hê, of dink dis geskik nie. Maar dit is 'n ewigduende teken. Dit is die grootste teken van alles." Jehova wat in die voorhof staan en gekneus en bloedend met dorings op Sy kop en spoeg op Sy gesig, bespot en gestel as niks. Jehova, verag en verwerp, naak gehang op die kruis, terwyl die skynheiliges gespot en Hom gedaag het om van die kruis af te kom. Jehova sterwend. Jehova wat bid en niks gebeur nie. Toe het Jehova gesterf. Dit is nou die teken vir alle mense. Daar is nie 'n ander soos dit nie. Dit is die groot een.

Toe het donkerte op die aarde gekome. Hulle het Hom in 'n grafkelder geplaas. Daar het Hy gelê daardie drie dae en nagte totdat 'n aardbewing die duister van die nag verpletter het en Hy het voortgekome. Jehova het tevoorskyn gekome. Jehova het opgevaar. Toe het Jehova teruggekeer om in Sy kerk te woon. Jehova het teruggekome met 'n magtige rukwind en vlamme van vuur. Jehova het teruggekome om te wandel in die midde van Sy kerk en om Sy mense te versterk. Weereens het Jehova gekome, en hierdie keer om te bly in Sy mense. En weereens genees Jehova die siekes, rig die dooies op en manifesteer Homself deur die Gees. Jehova het teruggekome, in tale gesprek, en die antwoord teruggegee in interpretasie.

Jehova het neergedaal en Hy het die prostituut gemaak om nie weer te sondig nie. Hy het afgekome na die dronkaard met slaanmerke op sy gesig waar hy bewusteloos in die sloot gelê het. Ja, Jehova het gekome om in vlees te manifesteer en te manifesteer deur vlees. Jehova — God in ons, die hoop van glorie.

Ja, Jesus het gekome en Sy bloed gestort en het die gevangene vrygestel. Hy het gekome en Sy verlore skape verlos. Hy het hulle ewige lewe gegee en hulle sal nooit vergaan nie. Hy sal nie een van hulle verloor nie, maar sal hulle opwek op die laaste dag.

Halleluja, die tweede dood kan hulle nie skaad nie. Dit het geen krag oor hulle nie. Want hulle is die Lam sin en hulle volg Hom waar Hy ookal gaan.

Die Heilige Gees In Elke eeu

Openbaring 2:11,

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

Daar is nie een kerkeu waar hierdie vers nie genoem word nie. Elke enkele eeu het dieselfde teregwysing vir die mense van elke tydperk. "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees sê." Maar dit is absoluut onmoontlik vir alle mense om te hoor wat die Gees aan die verskillende eeue sê.

Korinthiërs 2:6-16,

Tog spreek ons wysheid onder die volwassenes, maar 'n wysheid nie van hierdie wêreld, of van hierdie wêreld se heersers, wat vergaan nie.

Maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was, en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlijkheid,

wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie—want as hulle dit geken het, sou hulle die Here van die heerlijkheid nie gekruisig het nie—

maar soos geskrywe is, Wat die Oog nie gesien of die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.

Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.

Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God.

Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het.

Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met die wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk.

Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.

Maar die geestelike mens beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie.

Want wie het die sin van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die sin van Christus.

Matthéüs 13:13-16,

Daarom spreek Ek tot hulle deur gelykenisse, omdat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie hoor of verstaan nie.

En aan hulle word die profesie van Jesaja vervul wat sê: Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie.

Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hulle oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.

Maar julle oë is gelukkig, omdat hulle sien; en julle ore, omdat hulle hoor.

Johannes 8:42-44,

En Jesus sê vir hulle: As God julle Vader was, sou julle My liefhê: want Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur.

Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle na my woord nie kan luister nie.

Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.

Dit is baie duidelik van hierdie Skrifte dat niemand in homself God kan hoor nie. Daardie vermoë moet van God aan hom gegee word.

Matthéüs 16:17,

Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het

dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader wat in die hemele is.

Deur hierdie verse saam te sit sien ons dat daar net een groep mense is, en dit 'n baie spesiale groep mense wat in staat is om te hoor wat die Gees sê in elke eeu. Dit is een spesiale groep wat die openbaring vir elke eeu ontvang. Daardie groep is van God, want die groep wat nie kan hoor nie is nie van God nie. (Johannes 8: 42-44.) Die groep wat kan en wel hoor wat die Gees sê en die openbaring daarvan ontvang is daardie groep wat in I Korinthiërs 2: 6-16 beskryf word. Hulle is diegene wat die Gees van God het. Hulle is die wat uit God gebore is. Hulle is gedoop in die liggaam van die Here Jesus Christus deur Sy Gees. Hulle is gedoop met die Heilige Gees.

Om verder te verduidelik wat ons pas gesê het, en om ook 'n Skrif te gebruik wat in gedagte gehou moet word wanneer ons praat oor wie dit is wat gedoop is met die Heilige Gees, kyk wat Jesus sê in Johannes 6:45,

Dit is geskrywe in die profete: En hulle sal almal deur God geleer wees.

Blaai na Jesaja 54:13 waarvan dit geneem is en dit lees,

En al jou kinders sal deur die Here geleer wees,

Die AL van God is die KINDERS van God. So is dit dat die getuigenis van 'n ware kind van God te wees, (hy op wie die Gees gekom het en in woon) word weer uiteengesit as een wat die Woord geleer was deur die Heilige Gees.

Nou kan julle begin om te sien waarom tale nie die bewys is van die doop met die Heilige Gees nie. Dit sê nie in enige eeu dat "hy wat 'n taal het, laat hom sê wat die Gees sê nie." Dit plaas tale, uitleg daarvan, en profesie, ens. tersyde as 'n bewys. Die bewys is HOOR wat die Gees sê. Die Gees praat. Ja, die Gees leer. Dit is presies wat Jesus gesê het Hy sal doen wanneer Hy kom.

Johannes 14: 26,

Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

En dit is net wat gebeur het. Dit is hoe die Evangelies geskryf is. Hierdie manne het herroep in hulle gedagtes deur die Heilige Gees die einste Woorde wat Jesus gespreek het. Dit is waarom die Evangelies akkuraat is. Hulle is volmaak. Maar die Gees het nie net al die dinge na hulle gedagtes gebring nie Hy het hulle verder geleer van die waarheid wat hulle alreeds gehad het. Dit is hoe Paulus sy openbarings ontvang het. Hy het daarvoor gesê,

Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie.

Want Ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus.

Galásiërs: 1:11-12. Hy was deur die Heilige Gees geleer.

Een tyd toe Jesus op die aarde was, het 'n sekere belangrike man Hom besoek. Hierdie man het gesê: "Rabbi, ons weet jy is 'n leermeester gestuur deur God." Maar julle sal oplet dat Jesus hom kortgeknip het. Hy het na Nikodémus gedraai en die woorde wat Hy gespreek het kan so geparafraseer word, Ek is NIE 'n leermeester nie. Ek is die Opofferende Lam vir sonde. Ek maak die Nuwe Geboorte moontlik deur My Gees. Maar daar kom Een Wat die Leermeester is. Hy is die Heilige Gees." Toe Jesus op die aarde was het Hy gekom as die Lam, en as die Profeet. Maar toe Hy teruggekom het op die kerk deur Sy Gees het Hy die Leraar geword.

En vir elke eeu hoor ons dieselfde waarheid. *Hy wat 'n oor het laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.* Maar net 'n Gees-vervulde man kan die openbaring vir daardie eeu hoor. Geen ander kan nie. Nee meneer. Hulle kan nie omdat dit presies is wat Paulus in I Korinthiërs 2: 6-16 gesê het.

Nou dit behoort julle te verheug. Daar is 'n mees eenaardige doktriene in die lug wat baie misverstand en harde gevoelens veroorsaak. Want as die Pinksters sê julle MOET in tale praat of anders is julle nie gedoop met die Heilige Gees nie, óf hulle ontken dat daardie groot manne soos Knox, Moody, Taylor, Goforth en andere het nie die Heilige Gees ontvang nie, of sê dat hulle in die geheim in tale gepraat het en nie bewus was van wat aangegaan het nie. Nou dit is nie waar nie. Nee meneer. Dit is 'n groot fout. Tale is nie die bewys van om Geesvervuld te wees nie. Dit is eenvoudig een van die nege manifestasies genoem in I Korinthiërs 12. Daar is geen Skrif wat sê jy ontvang die Heilige Gees deur in tale te praat of dat jy die Heilige Gees ontvang deur in tale te spreek nie. Maar dit sê wel dat "Nadat hulle almal gevul is met die Heilige Gees het hulle in tale gepraat," en later aan sê dit dat hulle geprofeteer het.

Vandag onder baie mense word dit as vanselfsprekend aanvaar dat almal wat aanspraak maak om die Heilige Gees te ontvang deur in tale te praat praat in 'n opregte Geestelike taal. Maar dit is nie so nie want baie mense praat in 'n bekende taal maar onder die invloed van 'n verkeerde gees. Nou kom ons sê ons is in 'n byeenkoms en mense praat almal in tale. Hoe kan jy weet watter taal is van die Gees en watter is van die duiwel? Ek was onder die heidene waar hulle towenaars bloed uit 'n skedel gedrink het, in tale gesprek het en uitgelê en geprofeteer het. Hulle kan selfs in tale skryf.

Nou as tale DIE bewys is van die Heilige Gees wat ontvang is, dan moet elke taal van God wees. Maar dit is erken deur taal erkende mense dat daar vals en ware tale is want God het die egte en Satan die vals. So my vraag is: "Wie weet wat eg is? Wie verstaan die taal om te weet wat gesprek is? Wie het die gawe van onderskeiding om te weet?" Nou wanneer ons daardie antwoorde kry sal ons iets hê om op te gaan, maar tot dan, sal ons moet wonder oor die bron van die tale. Jy kan nou sien dat as jy 'n taal getuie ondersteun en nie weet wat gesê word nie, moet jy uiteindelik by die plek kom waar alle tale van God moet wees. Dit lei ons dan om te glo dat die duiwel nie in tale kan praat nie. Dit is nie so nie; nee, nie vir 'n minuut nie. Enige ware sendeling op 'n vreemde veld weet maar net te goed dat duiwels in ander tale praat, net soos ek weet deur ondervinding.

Pinkster teoloë erken dat hulle geen Skrif het wat die stelling maak dat mense in tale praat wanneer hulle gedoop word deur die Heilige Gees nie. Hulle erken dat hulle 'n gevolgtrekking maak van die ondervindings uiteengesit in die Boek van Handelingte waarin drie uit vyf keer die mense gepraat het in tale. En hulle sê ook sonder enige Skrif dat daar twee soorte tale is. Een is die taal wat jy praat terwyl jy die Heilige Gees ontvang en dit is die 'bewys', terwyl later as jy glo, kan jy die gawe van tale ontvang waar jy dan dikwels kan praat.

Hoewel, hulle sê, as jy eenmaal in tale gepraat het as die bewys dat jy dit ontvang het, mag jy nooit weer praat nie. Weereens is ons angstig om te weet waar dit gevind word in die Woord. As dit nie daar is nie, dan het God dit nie gesprek nie en wee hom wie sal byvoeg by die Woord. Maar daar is iets in die Woord oor hierdie einste onderwerp wat hulle heeltemal ignoreer. I Korinthiërs 13. Dit noem tale van mense en engele. Hierdie sal bekende en onbekende tale wees. Moderne Pinksters sê dat hulle die Heilige Gees kan ontvang deur te spreek in onbekende of engele tale. Hulle het die wa voor die perde, want in Handelingte 2 het die mense gepraat in 'n volmaakte dialek wat selfs ongelowiges gehoor en verstaan het.

Nou wanneer God stil is dan beter ons stil wees. Maar waar Hy gesprek het beter ons praat, ook, en sê wat Hy alreeds gesê het. Hy het ons die bewys gegee, of wat sou gebeur nadat hulle met die Heilige Gees gedoop is en dis dat ons die Leraar het wat ons almal die hele waarheid sal leer. Maar daardie Leraar was 'n leraar BINNEKANT, nie 'n leermeester van buite nie. As die Gees nie binnekant was nie, sou jy nie die waarheid hoor en dit ontvang deur openbaring nie al sou jy dit elke oomblik van die dag gehoor het. Dit was die teken van die inwonende Gees in die dae van Paulus. Hulle wat gevul was met die Heilige Gees het die Woord gehoor, dit ontvang en gelewe daarvolgens. Hulle wat nie die Gees gehad het nie het dit net as vleeslike mense gehoor, het 'n verkeerde interpretasie daarin gesit en het in sonde ingegaan.

In elke eeu, (en elke eeu is die eeu van die Heilige Gees vir die ware gelowige) — ek sê, in elke eeu was die bewys dieselfde. Hulle wat die Gees gehad het, die Leraar, het die Woord gehoor, en daardie Gees in hulle het die Woord geneem en dit onderrig (dit geopenbaar) aan hulle; en hulle was van die groep wat die boodskapper en sy boodskap gehoor het en dit geneem en dit gelewe het.

Ek weet dit is 'n groot versoeking om terug te verwys na die dag van Pinkster en ook na die dag toe die Heilige Gees geval het in die huis van Cornelius en daardie twee identiese ondervindings gesit het as die bewys van die Doop met die Heilige Gees. Maar met elke geleentheid was die tale verstaan deur die luisteraars. Hierdie is 'n groot verskil van die moderne babel van verwarring van Pinkster dienste. En as dit nie genoeg was om ons te oorreed om sulke redenasies te los nie, wat sal ons doen wanneer ons gekonfronteer word met die feit dat mense wat nooit in tale gepraat het nie het sommige van die ander agt manifestasies in hulle lewens, soos woord van wysheid, onderskeiding van geeste, a woord van kennis, geloof, genesing en selfs wonderwerke? En hierdie waarneming is selfs meer interessant in die lig dat tale die minste van die nege gawes is; so wanneer ons mense sien wat nie, of ooit in tale gesprek het nie, gebruik groter gawes as dié wat in tale praat, dan moet ons nog meer as tevore so 'n doktriene afskryf.

So julle kan nou sien, dat ons nie kan bekostig om te sê wat die Bybel nie gesê het nie. Wanneer Skrif ons leer dat die werk van die Heilige Gees, en die manifestasie van daardie Geseënde Persoon is om die waarheid van elke eeu te bring na die ware saad van daardie eeu, dan weet ons dat die Gees moet in die persoon wees of anders kan hy nie die waarheid van daardie tyd ontvang nie. Amen. Dit is presies korrek. En as hierdie eeue enigiets uitbring, bring en dra hulle sekerlik hierdie waarheid uit.

Nou voor ons hierdie onderwerp los wil ek myself baie duidelik maak wat die Doop met die Heilige

Gees is volgens die Woord. Dit is nie volgens my nie, en dit is nie volgens jou nie. Dit moet wees volgens "So spreek die Here," of ons is valslik gelei. Amen.

Om mee te begin sal julle oplet dat in my byeenkomste wanneer ek klaar 'n evangelistiese diens gepreek het, of een of ander onderrig boodskap, gooi ek die net uit en nooi 'n reaksie uit van die mense. Ek vra hulle om vorentoe te kom en die Heilige Gees te ontvang. My Pinkstervriende, na hulle my gehoor sê het glo dat ek hierdie mense na vore roep om gedoop te word met die Heilige Gees omdat hulle alreeds wedergebore is. So wanneer ek die uitnoodi wat Geesvervuld is om te kom help met die wat die uitnodiging beantwoord het om die Gees te ontvang, hierdie liewe mense stormloop vorentoe en deel met die mense op so 'n wyse om hulle aan te moedig en oor te gee aan God en te glo om in tale te praat. Dit het soveel verwarring veroorsaak en ek wil vir julle presies vertel wat ek bedoel. Ek bedoel vir die sondaar om vorentoe te kom en wedergebore te word, wat gedoop moet word in die liggaam van Christus deur die Heilige Gees wat presies is wat gebeur het by Pinkster toe die kerk begin is. Met ander woorde, om gebore te word van die Gees is om waarlik gedoop te word met die Heilige Gees. Dit is een en dieselfde.

Nou ek besef dat dit verwarrend gaan wees vir 'n oomblik hier, omdat die meeste mense weet dat ek as 'n Baptiste prediker georden is en ek verklaar standvastig dat die Baptiste dit gemis het omdat hulle sê dat jy die Heilige Gees ontvang WANNEER jy glo, want dit is nie so nie. Jy ontvang Hom "SEDERT jy gely het."

Handelinge 19:2-6.

en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie.

En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes.

Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus.

En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus.

En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer.

Daar is dit. Paulus het gevra: "Het julle ontvang SEDERT, NIE TOE julle geglo het nie." En daar is 'n groot verskil daar, want dit is NA ons glo dat ons ontvang. Efésiërs 1:13 is 'n presiese woord herhaling van wat in Efése gebeur het volgens Handelinge 19,

in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte.

Nou hier is my punt. Te veel van ons moderniste en selfs ons fundamentaliste (sogenaamd) glo vir verlossing op 'n sekere spesifieke tyd wat in baie gevalle genoem word "om 'n besluit te neem," en dit word genoem om Christus te ontvang of synde wedergebore. Nou om Christus te ontvang is om Sy Gees te ontvang. Om Sy Gees te ontvang is om wedergebore te word. Om Sy Gees te ontvang is om met die Heilige Gees gedoop te word. Amen. Hierdie mense glo. Dit is wonderlik. Maar hulle stop daar. Jy ontvang die Heilige Gees NA jy glo. Dit was altyd so en sal altyd so wees. Die heel eerste woord van rigting aan die mense was deur Petrus by Pinkster en hy het gesê,

Bekeer julle en word gedoop elkeen van julle, in die Naam van Jesus Christus tot vergifnis van sondes en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang,

Want die belofte is vir julle en aan julle kinders en aan almal wat aangaan, selfs soveel as wat die Here ons God sal roep.

Hierdie rigting was 'n direkte antwoord van Petrus relatief tot wat werklik gebeur het by Pinkster. Wat gebeur het was dat God volgens Joël die beloofde Heilige Gees op alle vlees uitgestort het. Hy was nie voor daardie tyd uitgestort of gegee voor daardie tyd nie. Dit was dit. Maar DIT sou van nou af aan kom deur te bely, gedoop word in die Naam van die Here Jesus Christus, en dan was God pligsgebonde om diegene te vul wat gekom het. Petrus, of enige van die apostels het nooit gesê: "Julle moet wedergebore word, en dan gevul word met die Gees nie."

Dat dit die patroon van ondervinding relatief is om die Heilige Gees te ontvang, let op noukeurig die einste volgende keer wat die Gees op die mense geval het.

Handelinge 8:5-17,

En Filippus het afgekom in 'n stad van Samaria en Christus aan hulle verkondig.

En die skare het eendragtig ag gegee op die woorde van Filippus toe hulle dit hoor en die tekens sien wat hy doen.

Want uit baie van die wat onreine geeste gehad het, het die geeste uitgegaan terwyl hulle met 'n groot stem skreeu; en baie wat lam en kreupel was, het gesond geword.

En daar was groot blydschap in daardie stad.

En 'n sekere man met die naam van Simon het vantevore in die stad met towery omgegaan en die bevolking van Samaria verbyster deur te sê dat hy iets besonder was.

En almal, klein en groot, het hom aangehang en gesê: Hy is die groot krag van God.

En hulle het hom aangehang, omdat hy hulle 'n geruime tyd deur sy towerye verbyster het.

Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue.

En Simon het ook self gelowig geword, en nadat hy gedoop was, gedurig by Filippus gebly; en hy was verbaas toe hy die tekens en groot kragte sien gebeur.

En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaria die woord van God aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur.

Hulle het afgekom en vir hulle gebid, dat hulle die Heilige Gees mag ontvang,

Want Hy het toe nog op niemand van hulle geval nie, maar hulle was net gedoop in die Naam van die Here Jesus.

Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.

Volgens vers 12, HULLE HET DIE WOORD GEGLO. Hulle was toe in die Naam van die Here Jesus gedoop. Maar volgens vers 16, ten spyte van dit alles, hulle het NOG NIE DIE HEILIGE GEES ONTVANG NIE. Dit was eers NA hulle geglo en reg gedoop is dat hulle die Heilige Gees ontvang het. Dit is die presiese patroon wat uiteengesit is deur Petrus in Handeling 2:38-39.

'n Ander Skrif wat wonderlike lig werp op dit is in Galásiërs 3:13-14,

Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang-

sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.

Nou op geen manier kan dit gesê word dat die "seëning van Abraham" die wedergeboorte is nie, en dat die "belofte van die Gees" die Doop met die Heilige Gees is as twee aparte gebeurtenisse nie. Want die Skrif lees dus: "Jesus het gesterf aan die kruis, en deur daardie dood en opstanding, het die seëning van Abraham oor die Heidene gekom, en die Jode verlaat. Dit het gebeur sodat die Gees beskikbaar kon wees vir die Heidene."

Om te verstaan wat ek pas gesê het is om te verduidelik waarom studente nooit ooit Paulus kry dat hy op enige tyd sê: "Word wedergebore en DAN Geesvervuld," nie. Hulle het afgelei dit is daar, en hulle het hulle eie betekenis gestel om dit te laat sê, MAAR SKRIF SÊ NIE DIT NIE. Jesus het dit ook nooit gesê nie.

Kyk na Johannes 7:37-39, en lees dit nou met insig.

En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink.

Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

(En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.

Nou dit sê hier duidelik en uitdruklik dat die gelowige deur te kom na Jesus in geloof en te drink sou hê riviere van die lewende water wat uit hom stroom. En dit plaas hierdie ondervinding by Pinkster.

Nou hou hierdie denke in gedagte terwyl ons lees Johannes 4: 10 & 14,

Jesus antwoord en sê vir haar: As jy die gawe van God geken het en geweet het wie Hy

is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het.

maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.

Hierdie selfde lewende water is genoem, maar hierdie keer word dit nie 'n rivier genoem nie; dit word 'n artesiese put genoem. Daar is waar die mense hulle fout maak. Omdat dit 'n put en 'n rivier genoem word, dink hulle dat dit in een plek ewige lewe is gegee deur die Gees en in die volgende plek waar dit 'n rivier genoem word (behels 'n groot dinamika) moet dit nou die Gees wees wat gegee word as 'n bekragtiging van mag. Nie so nie. Dit is een en dieselfde. Dit is die Gees wat lewe en krag gee, en dit het gebeur met Pinkster.

Wat is dit wat hierdie misverstand veroorsaak het? Die antwoord is: "ONDERVINDING". Ons het gegaan volgens ondervinding en nie die Woord nie. Weg met ondervinding as jou maatlyn. Daar is net een waterpas lyn, net een staf, en dit is die WOORD. Nou kyk noukeurig en kry dit. Petrus het gesê: "Bekeer julle en word gedoop in die Naam van Jesus Christus vir die vergifnis van sonde en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." Paulus het gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang SEDERT julle geglo het?" Dit is ons algehele probleem net hier. Mense bekeer van hulle sondes, hulle word in water gedoop, MAAR HULLE GAAN NIE AAN EN ONTVANG DIE HEILIGE GEES NIE. JY GLO OM DIE GEES TE ONTVANG.

Deur te glo aan Jesus is 'n tree in die regte rigting wat na die Heilige Gees is. Maar die mense stop daar. Hulle gaan so ver as water en stop dan. Hulle glo, en stop dan. Die Bybel sê nie dat jy ontvang WANNEER jy glo nie. Dit is: "Het julle die Heilige Gees ontvang SEDERT julle glo?" Die presiese en letterlike vertaling is: "Het julle, omdat julle reeds geglo het, die Heilige Gees ontvang?" Die mense glo en stop dan. Jy ontvang nie die Heilige Gees wanneer jy IN Hom glo, en bely het nie. Jy gaan aan en ontvang die Heilige Gees. Sien julle dit? Dit is wat verkeerd is met ons fundamentaliste. Hulle het geen krag nie want hulle stop net voor Pinkster.

Hulle is soos die kinders van Israel wat uit Egipte gekom het en gestop het net voor die Beloofde Land. Nou daardie kinders van Israel het Egipte verlaat en hulle was omtrent twee miljoen sterk. Hulle het almal saam gereis, almal het dieselfde wonderwerke van God gesien, almal het geneem van dieselfde manna en water van die geslaande rots, almal het dieselfde wolk gevolg in die dag en die pilaar van vuur in die nag maar SLEGS TWEE het die Beloofde Land bereik. NET TWEE WAS WARE OF WERKLIKE GELOWIGES. Dit is korrek omdat die Woord vir ons sê dat die res gesterf het vanweë ongeloof; en vanweë ongeloof kon hulle nie ingaan nie (Hebreërs 3:19). Dan omdat dit so is, en net TWEE INGEGAAN het, dan was die res nie ware gelowiges nie. Wat het die verskil gemaak? Twee het by die Woord gebly. Toe die harte van die tien spioene gefaal het by Kades Barnea, het Josua en Kaleb nie getwyfel nie want hulle het die Woord geglo en gesê: "Ons is meer as in staat om die land te neem." Hulle het geweet hulle kon omdat God gesê het: "Ek het julle die land gegee." Na alles wat daardie Israeliete gesien het van die krag en goedheid en verlossing van God het hulle nie in die rus ingegaan nie, wat 'n tipe is van die Heilige Gees. So julle kan nou sien dat baie min sal ooit heeltemal glo om die Gees van God te ontvang.

Goed, ons het sover gekom. Nou wil ek verder gaan, en wanneer ek dit doen weet ek dat dit gaan veroorsaak dat 'n paar emosies styg. Maar dit is iets waarvoor ek nie verantwoordelik is nie. Ek is verantwoordelik teenoor God en Sy Woord en die mense wat God my gestuur het. Ek moet getrou wees in alles wat Hy my gee om te sê.

In Johannes 6:37 & 44 sê dit,

Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.

Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

Johannes 1:12-13,

Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;

wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.

Efésiërs 1:4-5,

soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en

sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,

deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil,

Nou sonder om te betrokke te raak in die onderwerp van die soewereiniteit van God (want dit sou 'n boek in sigself neem) laat ek hier wys dat volgens hierdie verse, kies Jesus Christus Sy eie bruid net soos mans hulle vrouens kies vandag. Die bruid vandag besluit nie eenvoudig dat sy 'n sekere man vir 'n eggenoot gaan vat nie. Nee meneer. Dit is die bruidegom wat besluit en kies 'n sekere vrou vir sy bruid. (Johannes 15:16, "Julle het My nie gekies nie; maar Ek het julle gekies.")

Nou volgens die Woord van God, was die bruid gekies voor die grondlegging van die wêreld. Hierdie keuse van die bruid was deur Homself beplan. Efésiërs 1:9.

En in Romeine 9:11 sê dit

dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan,

Jy kan dit nie op enige ander manier lees nie. Die hoof doel, die ewige doel van God was om 'n bruid van Sy EIE keuse te neem, en daardie doel was in Homself, en synde ewig was bepaal voor die grondlegging van die wêreld.

Kyk nou noukeurig en sien dit. Voor daar ooit 'n greintjie sterstof was; voor God God was (God is 'n voorwerp van aanbidding en niemand was daar om Hom te aanbid nie, so Hy was net potensieël God op daardie tyd.) en Hy was net geken as ewige Gees, die bruid was alreeds in sy gedagte. Ja, sy was. Sy het bestaan in Sy gedagtes. En wat van daardie gedagtes van God? Hulle is ewig, is hulle nie?

Die ewige gedagtes van God! Laat ek julle vra: "Is die gedagtes van God ewig?" As julle dit kan sien, sal julle baie dinge sien. God is onveranderlike in beide wese en gedrag. Ons het dit bestudeer en dit alreeds bewys. God is oneindig in Sy vermoëns so daarom Hy as God moet alwetend wees. As Hy alwetend is, dan leer Hy nie nou nie, nog vat Hy die raad van selfs Homself nie, nog voeg Hy op enige tyd by Sy kennis nie. As Hy by Sy kennis kan voeg, dan is Hy nie alwetend nie. Die beste wat ons kan sê is dat Hy eendag sal wees. Maar dit is nie Skriftuurlik nie.

Hy IS alwetend. Hy het nooit 'n nuwe gedagte oor enigiets gehad nie omdat Hy al Sy gedagtes altyd gehad het en altyd sal hê, en ken die einde van die begin omdat Hy God is. DUS DIE GEDAGTES VAN GOD IS EWIG. HULLE IS WERKLIK. Hulle is nie eenvoudig net soos 'n man met 'n bloudruk wat hy opgetrek het en wat eendag sal verander in stof en vorm nie, maar hulle is alreeds werklik en ewig, en deel van God.

Sien hoe dit werk. God het altyd Sy denke vir Adam gehad. Adam, as Sy gedagte, was nog onuitgesproke.

Psalm 139:15-16 sal julle 'n idee hiervan gee,

My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.

U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.

Dit, soos ek gesê het, was nie geskryf oor Adam nie maar dit gee jou die idee en kennis dat die gedagte daar in Sy gemoed was, en daardie gedagte was ewig en moes uitgedruk word. So toe Adam gevorm was van die stof van die aarde en sy geestelike wese deur God geskep is, toe het Adam God se gedagte uitgedruk geword, en daardie ewige gedagtes was nou gemanifesteer.

Regdeur die eeue kan ons gaan. Ons vind 'n Moses, 'n Jeremia, 'n Johannes die Doper, en elkeen van hulle was God se ewige gedagte uitgedruk in sy seisoen. Dan kom ons by Jesus die LOGOS. Hy was die volmaakte en volledige GEDAGTE uitgedruk en Hy het bekend geword as die Woord. Dit is wat Hy IS, en vir altyd SAL WEES.

Nou dit sê dat: "Hy het ons gekies IN HOM, (Jesus) voor die grondlegging van die wêreld." Dit beteken dat ons reg daar was MET Hom in die gemoed en gedagtes van God voor die grondlegging van die wêreld. Dit gee 'n EWIGE kwaliteit aan die uitverkorenes. Jy kan nie wegkom daarvan nie.

Laat my 'n gedagte hier invoeg. Selfs ons natuurlike geboorte is gebaseer op uitverkiesing. Die vroulike eierstok produseer baie, baie eiers. Maar hoekom is dit dat 'n sekere tyd 'n sekere eier sal afkom en nie 'n ander een nie? En dan onder die manlike sperm, vir geen rede bekend heg 'n sekere kiem homself aan die eier terwyl andere wat net so maklik hulleself kon heg, of wat 'n beter kans gehad het om dit te doen en nie het nie en doodgaan. Daar is 'n intelligensie agter dit alles, andersins wat bepaal of die baba 'n seun is of dogter, blond of donker, ligte of donker tipe oë, ens. Met hierdie gedagtes in ons

agterkop dink aan Josua en Kaleb.

Het Jesus nie in Johannes 6:49 gesê:

Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe.

Daardie ouers wat gesterf het was nodig as die voorvaders van die mense met wie Jesus gepraat het. Hulle het omgekóm, tog was hulle in die uitverkiesing van God natuurlik soos Josua en Kaleb Geestelik was.

Maar om voort te gaan. Hierdie uitverkorenes was nie net die ewige gedagtes van God wat in die vlees moes uitgedruk word in hulle seisoen nie, maar hierdie selfde uitverkorenes word geroep deur 'n ander naam.

Romeine 4:16.

Daarom is dit uit die geloof, sodat dit volgens genade kan wees en die belofte kan vasstaan vir die hele nageslag; nie alleen vir die wat uit die wet is nie, maar ook vir die wat uit die geloof van Abraham is, die vader van ons almal-

Romeine 9:7-13,

Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag is, is hulle almal kinders nie; maar: in Isak sal jou nageslag genoem word.

Dit wil sê, nie hulle is kinders van God wat die kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag.

Want dit is die woord van die belofte: Omtrent hierdie tyd sal Ek kom, en Sara sal 'n seun hê.

En nie alleen dit nie, maar ook Rebekka was swanger uit, een, naamlik Isak, ons vader.

Want toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie — dat die voorneme van God volgens die uitverkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep —

is vir haar gesê: Die oudste sal die jongste dien.

Soos geskrywe is: Jakob het ek liefgehad en Esau het Ek gehaat.

Galásiërs 3:16,

Nou is aan Abraham die belofte toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus.

Galásiërs 3:29,

En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

Volgens Romeine 4:16 vind ons dat God 'n Seker Belofte gegee het aan AL Abraham se saad, en Paulus plaas homself en alle gelowiges onder daardie aanwysing omdat hy sê "Abraham wie die vader is van ons ALMAL. Dan gaan hy voort om nie net sy definisie te beperk nie, maar liever om dit te finaliseer want in Galásiërs 3 het hy die SAAD (enkelvoud) geïdentifiseer met Jesus, en het "die saad kinders" gereken as kinders van belofte, en belofte soos te doen met "uitverkiesing," of "die verkiesing van God". En dit is presies wat ons gesê het. Hierdie wat van die Koninklike Saad is is die uitverkorenes van God; is die voortbestemde, vooraf geken deur God, en was in die gedagtes van God en Sy denke.

In baie eenvoudige taal die Ware Bruid van Christus was in die gedagte van God ewigdurend, hoewel nie uitgedruk nie tot elke een voortgekóm het in die aangewese, bepaalde seisoen. Soos elke lidmaat na vore gekóm het was dit GE-UITER en het die plek ingeneem in die liggaam. So hierdie bruid is die letterlike GESPROKE WOORD SAAD BRUID. En hoewel sy as vroulik aangewys word is sy ook genoem die "liggaam van Christus". Dit is baie duidelik dat sy so behoort genoem te word want sy was voortbestem in Hom, het van dieselfde bron gekóm, was ewig met Hom, en manifesteer nou God in 'n baie lidmaat liggaam waar God eens gemanifesteer was in EEN LIDMAAT, selfs ons Here Jesus Christus.

Nou dan, hier kom ons tot 'n gevolgtrekking. Soos die ewige Logos (God) gemanifesteer was in die Seun, en in Jesus bly die volheid van die Godheid liggaamlik, en daardie Ewige Een was die Vader gemanifesteer in vlees, en daardeur so die titel van Seun gekry, maar ons ook, ewig in Sy gedagtes op ons beurt het ons die baie lidmaat Gesproke Woord Saad geword, gemanifesteer in vlees, en daardie ewige gedagtes manifesteer nou in vlees en is die seuns van God, eweneens soos ons so genoem word.

ONS HET NIE SAAD GEWORD MET DIE WEDERGEBOORTE NIE, ONS WAS SAAD EN DAAROM WAS ONS WEDEGEBORE WANT SLEGS DIE UITVERKORENES KAN WEDERGEBORE WORD. Omdat ons SAAD WAS is die rede waarom ons verlewendig kon word. In NIE-SAAD is daar niks om verlewendig te word nie.

Hou dit sorgvuldig in gedagte. Nou neem die volgende stap. Verlos beteken om terug te koop. Dit word teruggegee aan die oorspronklike eienaar. God, deur Sy dood, die gestorte bloed het SY EIE TERUG GEKOOP. Hy het die Gesproke Woord Saad Bruid teruggekoop. "My skape hoor My stem (Woord) en hulle volg My." Jy was altyd 'n skaap. Jy was nooit 'n vark of 'n hond wat in 'n skaap verander het nie. Dit is onmoontlik want vir elke soort lewe produseer dit dieselfde soort en daar is geen verandering in spesie nie. Soos ons in die gedagte van God was en toe in vlees uitgedruk is, moes daar 'n dag kom wanneer ons Sy stem sou hoor (die Woord), en deur daardie stem te hoor bewus geword het van ons Vader wat ons roep, en herken dat ons die seuns van God is. Ons het Sy stem gehoor en ons het uitgeroep soos die verlore seun: "Red my, O, my Vader. Ek keer terug na U."

'n Seun van God kan 'n lang tyd gaan voor hy herken dat hy 'n seun is. In werklikheid 'n klomp ware Christene is soos die storie van die baba arend wat uitgebroei is onder 'n hen. Julle weet dat die arend 'n tipe van die ware gelowige is. Wel, 'n boer het 'n eier van 'n arend se nes geneem en hy het dit onder 'n hen geplaas. Na 'n tyd het al die eiers onder die hen uitgebroei. Die baba kuikens het goed aangegaan met die ma hen maar daardie klein arendjie kon nie die kloek en skrop vir kos in die mishoop verstaan nie. Hy het die beste gemaak van die lewe maar hy was heeltemal deurmekaar daaroor.

Maar eendag, van daar ver bo in die lug het die moeder arend wat die eier gelê het daardie arend op die grond sien sit. Sy het neergeskiet met geweldige spoed en geskree op die top van haar stem vir hom om op te vlieg om haar te ontmoet. Hy het nooit 'n arend skree gehoor nie, maar toe hy daardie eerste skree hoor het iets in hom geroer en hy het verlang om op te gaan na dit. Maar hy was bang om te probeer. Weereens het daardie ma geskree vir hom om op te vlieg in die wind en haar te volg. Hy het terug geskree dat hy bang was. Weereens het sy uitgeroep, geskree dat hy probeer. Deur te klap met sy vlerke het hy homself in die lug opgelig, en te antwoord op die uitroep van sy ma, het hy in die blou lug gevlieg. Julle sien hy was altyd 'n arend. Hy het opgetree soos 'n hoender vir 'n tydjie maar hy kon nie tevrede wees nie. Maar toe hy die roep van die groot arend gehoor het, het hy na sy eie plek gekom. En as 'n ware seun van God eers die uitroep van die Gees deur die Woord hoor, sal hy ook, besef wie hy is en na die Groot Profeet Arend hardloop en by Hom gaan sit vir ewig in die hemelse plekke in Christus Jesus.

NOU KOM ONS TRIOMFANKLIKE HOOFSTEEN op die doop met die Heilige Gees.

Galásiërs 4: 4-7,

Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,

om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang.

En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader.

Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus.

Daar is dit. Jesus Christus het voortgekom, gesterf op die kruis, en Verlossing volbring (herstel na oorspronklike eienaar deur middel van aankoop, of die prys betaal) en daardeur ONS GEPLAAS AS SEUNS. Hy het ons nie seuns gemaak nie, want ons was alreeds Sy seuns, maar Hy het ons as seuns geplaas; want solank as wat ons in die wêreld was, in die vlees, kon ons nie herken word as Sy seuns nie. Ons was gevange gehou deur die duiwel. Maar ons was seuns, nietemin. En hoor dit: EN OMDAT JULLE SEUNS IS, HET GOD DIE GEES GESTUUR VAN SY SEUN IN JULLE HARTE WAARDEUR JULLE HUIL, VADER, VADER. Op wie het die Gees geval by Pinkster? Seuns. By Korinthiërs? Op Seuns terwyl hulle DIE WOORD GEHOOR het.

Wat is die Doop met die Heilige Gees? Dit is die Gees wat jou Doop in die liggaam van Christus. Dit is die nuwe geboorte. Dit is die Gees van God wat inkom en jou vul nadat jy bekeer het, (Sy Woord gehoor het) en in water gedoop as 'n antwoord van 'n goeie gewete teenoor God.

Wat ons pas uiteengesit het sal baie makliker wees vir almal om te verstaan as almal die doktriene van die eenheid van die Godheid geglo het. Want daar is nie drie persone in daardie Godheid nie, maar EEN. Dus ons is NIE weer gebore deur die Gees van Lewe van Jesus wat inkom nie, en dan daaropvolgend tot dit die Heilige Gees wat inkom om ons krag te gee. As dit waar was, hoekom onteer ons die Vader deur Hom nie 'n deel te gee in ons volledige verlossing nie, want as verlossing van die Here is en daar is drie HERE, dan moet Hy (Vader) ook iets hê om te doen. Maar sekerlik kan gesien word dat

Jesus dit baie duidelik gemaak het dat dit was Hy en Hy alleen Wie God is en dit is Hy en Hy alleen Wie in die gelowige kom.

Johannes 14:16 sê dat die Vader 'n ander Verstrooster sal stuur.

Maar vers 17 sê dat Hy (Jesus) woon met hulle en sal IN hulle wees later.

In vers 18 sê Hy Hy sal na hulle kom.

In vers 23 terwyl Hy praat met die dissipels, het Hy gesê: "Ons (Vader en Seun) sal na hom kom." Dus is dit die Vader, Seun en Heilige Gees wat almal tegelyk inkom want DIT IS EEN PERSOON wat uit die Godheid bestaan. Daardie koms het in Pinkster plaasgevind. Die Gees kom nie twee keer nie, net een. Die probleem is dat die mense ken nie die regte waarheid nie, en hulle glo eenvoudig in Jesus vir vergifnis van sonde maar gaan nooit aan om die Gees te ontvang nie.

Voor ek hierdie onderwerp afsluit, ek weet daar is 'n vraag in julle gemoedere. Julle wil weet of ek glo in die leerstelling van voorbestaan. Ek glo nie in daardie Mormoonse doktriene van die voorbestaan van siele meer as wat ek glo in reïnkarnasie of die transmigrasie van siele nie. Wees versigtig hier en sien dit. Dit is nie die persoon wat voortbestem kom ewig van God nie, DIT IS DIE WOORD, OF SAAD. Dit is dit. Baie lank terug, te ver terug vir die menslike verstand om te begryp, het die Ewige God met die ewige gedagtes, gedink en besluit,

JAKOB HET EK LIEFGEHAD, MAAR ESAU HET EK GEHAAT,

(Romeine 9:13)

NIE EEN WAS GEBORE NIE, EN NIE EEN HET GOED OF KWAAD GEDOEN NIE.

Sien, dit was die GEDAGTE, en toe is daardie gedagte uitgespreek, en God het Jakob teruggekoop, omdat Jakob alleen SAAD was. Jakob, alleen het die saad gehad; dit is waarom hy respek vir die geboortereg en verbond van God gehad het. As jy ware saad is, sal jy daardie Woord hoor; die Gees sal jou doop in die liggaam van Christus, jou vervul en jou bemagtig, en jy sal die Woord vir jou dag en eeu ontvang. Sien hoe duidelik die ware bewys word wanneer die Woord aan jou geopenbaar word? Weer, let op, Jesus was die Koninklike Saad. Hy het in 'n menslike liggaam gewoon. Toe die Gees na Hom geroep het (die Woord gemanifesteerde gedagte), het Hy na die Jordaan gegaan en is daar in water gedoop. Sodra Hy die Woord gehoorsaam het, het die Heilige Gees op Hom gekom en die stem het gesê: "Dit is My geliefde Seun, hoor julle Hom." Die stem het nie gesê: "Hierdie het My Seun geword," nie, Jesus WAS die Seun. Die Heilige Gees het Hom geplaas as daardie Seun voor hulle almal. Toe so vervul (en dieselfde patroon hou by Pinkster en ewig daarna), het Hy met gedemonstreerde krag gegaan, het die volle openbaring van God ontvang en van God, vir daardie dag.

Nou ons het heelyd gesê dat die ware bewys van die doop met die Heilige Gees is vir die gelowige om die Woord te ontvang vir die eeu waarin hy lewe. Laat ek julle baie duidelik wys.

Die Sewe Eeue soos uiteengesit in Openbaring Hoofstuk 2 & 3 deel die hele tyd in die Volheid van die Heidene, of die hele tyd wat God met die Heidene handel tot verlossing. In elke enkele eeu, nie een uitgesluit nie, sê dit dieselfde ding in die begin en die einde van elke boodskap aan elke eeu. "Aan die boodskapper van (Éfese, Smirna, Pérgamus, Thiatire, Sardis, Filadelfia, Laodicéa) skryf; Hierdie dinge sê Hy, ens., ens."... Hy wat 'n oor het, laat hom (enkelvoud) hoor wat die Gees aan die kerke sê. "Let hier op dat Jesus (deur die Gees) in ELKE eeu spreek tot Homself as NET EEN persoon relatief tot die Woord vir daardie eeu. Net EEN boodskapper vir elke eeu ontvang wat die Gees te sê het vir daardie eeu, en daardie EEN BOODSKAPPER is die boodskapper van die ware kerk. Hy spreek vir God deur openbaring aan die "kerke", beide waar en vals. Die boodskap word dan verkondig aan almal. Maar hoewel dit uitgesaai word vir almal wat binne bereik van die boodskap kom, word daardie boodskap indiwidueel ontvang deur slegs 'n sekere gekwalifiseerde groep op 'n sekere manier. Elke indiwidu van daardie groep is een wat die vermoë het om te hoor wat die Gees sê deur middel van die boodskapper. Dié wat hoor kry nie hulle eie privaat openbaring nie, nog kry 'n groep nie hulle saamgestelde openbaring nie, MAAR ELKE PERSOON HOOR EN ONTVANG WAT DIE BOODSKAPPER ALREEDS VAN GOD ONTVANG HET.

Nou moenie dink dat dit vreemd in die geval is nie, want Paulus het hierdie patroon geskik onder die hand van God. Paulus alleen het die volle openbaring vir sy dag gehad soos duidelik gemaak deur sy konfrontasies met die ander apostels wat toegegee het dat Paulus die Profeet-Boodskapper was van die Heidene vir daardie dag. En let ook op na die werklike illustrasie in die Woord, dat toe Paulus wou gaan na Asië, het God hom verbied, want die skape (Sy kinders) was in Macedónië en hulle (die Macedóniërs) sou hoor wat die Gees sou spreek deur Paulus, terwyl die mense in Asië nie sou nie.

In elke eeu het ons presies dieselfde patroon. Dit is waarom die lig kom deur een of ander God-gewewe boodskapper in 'n sekere area, en dan van daardie boodskapper spreid daardie lig deur die ministerie van ander wat getrou geleer is. Maar natuurlik almal wat uitgaan leer nie altyd hoe belangrik

dit is om SLEGS te spreek wat die boodskapper gespreek het nie. (Onthou, Paulus het die mense gewaarsku om te sê net wat hy gesê het, I Korintiërs 14: 37: "As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, BEVELE VAN DIE HERE is. Wat? het die Woord van God uit jou gekom? of het dit tot jou alleen gekom?") Hulle sit hierby, of neem daar weg, en spoedig is die boodskap nie meer suiwer nie, en die herlewing sterf af. Hoe versigtig moet ons wees om EEN stem te hoor, want die Gees het alleen een stem wat die stem van God is. Paulus het hulle gewaarsku om te sê wat hy gesê het, soos Petrus ook gemaak het. Hy het hulle gewaarsku DAT SELFS HY (PAULUS) kon nie een woord verander van wat hy deur openbaring gegee is nie. O, hoe belangrik is dit om die stem van God te hoor deur Sy boodskappers, en dan te sê wat vir hulle gegee is om vir die kerke te sê.

Ek hoop julle begin dit nou sien. Miskien kan julle nou verstaan waarom ek nie by die fundamentaliste en die Pinksters bly nie. Ek moet hou by die Woord die wyse wat die Here dit geopenbaar het. Nou ek het dit nie alles gedek nie. Dit sou 'n aparte boek neem, maar met die hulp van die Here sal ons baie preke en bande kry en boodskappe oor al hierdie punte om julle te help om te verstaan en dat die Skrif inmekaar pas.

Hy wat 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes van elke eeu sê. In elke eeu was dit dieselfde uitroep. Hoor wat die Gees sê. As jy 'n Christen is, sal jy terugkeer na wat die Gees leer, dit is, die Woord van hierdie eeu. Elke boodskapper aan elke eeu sal daardie Woord verkondig. Elke vars en 'n ware herlewing sal wees omdat manne na die Woord vir hulle eeu teruggekom het. Die uitroep van elke eeu is die teregwyding: "Julle het die Woord van God verlaat. Bekeer, en kom terug na die Woord." Van die eerste boek in die Bybel (Génesis) tot die laaste boek (Openbaring) is daar net een rede vir God se misnoeë—die Woord verlaat; en daar's net een oplossing om Sy guns te wen—terug na die Woord.

In die Efésiese Eeu, en in hierdie eeu, en in elke eeu wat ons beskou sal ons sien dat dit waar is. En in die laaste eeu wat ons tydperk is, ons sal die verduistering van die Woord vind, die volledige afvalligheid wat in die groot verdrukking eindig.

As jy ware saad is, as jy waarlik gedoop is met die Heilige Gees sal jy Sy Woord ag meer as jou behoeftes, en verlang om volgens ELKE Woord wat uit die mond van God uitgaan te lewe.

Hierdie is my opregte gebed vir almal van ons; mag ons hoor wat die Gees bring uit die Woord vir ons vandag.



www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur

William Marrion Branham

"... in die dae van die stem ..." Openb. 10:7